

BEN VILJOEN

BULLETIN

KWARTAAL 2

2026





DIE DROOM WORD 'N WERKLIKHEID

Op 31 Maart 2026 het 'n geskiedkundige mylpaal by Hoërskool Ben Viljoen aangebreek toe die grondwerke van ons lankverwagte Astro-hokkieveld amptelik afgeskop het. Hierdie merkwaardige ontwikkeling simboliseer nie net die begin van 'n nuwe fasiliteit nie, maar ook die verwesenliking van 'n droom wat al lank in die harte van ons skoolgemeenskap leef.

Die aanvang van die bouwerk is die resultaat van harde werk, toewyding en die samewerking van baie rolspelers, insluitende die Uile, wat hande gevat het om hierdie visie 'n werklikheid te maak. Ons is opreg dankbaar teenoor elke persoon, ouer, borg en ondersteuner wat reeds 'n bydrae gelewer het. Julle betrokkenheid en geloof in hierdie projek gee ons die dryfkrag om vorentoe te beweeg.



DIE DALLERS KRY 'N ASTRO!

Elke skop grond bring ons nader aan die dag wanneer ons spelers op hul eie Astro-hokkieveld kan oefen en kompeteer - 'n fasiliteit wat nie net ons hokkieprogram gaan versterk nie, maar ook nuwe geleenthede vir groei en ontwikkeling sal skep.


Ons sien met groot opgewondenheid uit na die pad vorentoe en nooi steeds almal uit om deel te wees van hierdie besondere reis. Saam bou ons nie net 'n veld nie, maar ook 'n nalatenskap vir toekomstige generasies.







63.77% REEDS VERKOOP



R1500 = 1M²



BEMARKINGSPAN REIS DIE OMGEWING PLAT

**GEDURENDE DIE EERSTE
WEEK VAN DIE TWEDE
KWARTAAL HET ONS
BEMARKINGSPAN VERSKEIE
LAERSKOLE IN DIE
OMGEWING BESOEK AS
DEEL VAN DIE OPEDAG-
BEMARKING.**

Ons span het by Laerskool Marble Hall, Laerskool Julian Muller, Laerskool Uitkyk en Groblersdal Christian School gaan kuier om persoonlik met die graad 7-leerders te gesels en hulle uit te nooi na ons Opedag wat op 23 April 2026 plaasgevind het.

Tydens hierdie besoeke het ons bemarkingspan die leerders meer vertel van wat Hoërskool Ben Viljoen alles bied – van akademiese geleenthede en sport tot kultuuraktiwiteite en skooltradisies. Die doel was om die leerders opgewonde te maak oor hul hoërskoolloopbaan en om hulle 'n voorsmakie te gee van wat hulle kan verwag.

Ons span is orals vriendelik ontvang en dit was duidelik dat daar groot belangstelling onder die graad 7-leerders was om vanjaar se Opedag by te woon. Hierdie persoonlike interaksie speel 'n belangrike rol om verhoudings te bou en toekomstige leerders welkom te laat voel.





Observer

express incorporated

DALLER

Ben Viljoen

boer agter die pale

One community, one voice



jouskolerugby

GAMES 4 OF THE WEEK

BEN VILJOEN

VS

HANS STRIJDOM

Observer **DALLER**

Negentien HBV-hokkiespelers haal provinsiale spanne

One community, one voice

Observer **DALLER**

One community, one voice

BEN VILJOEN SKITTER IN SEMIFINAL

Observer **DALLER**

One community, one voice

Dallers blink uit by NWU-finaal





'DALLER'

IS NOU EG-BEN VILJOEN

“Woorde dra geskiedenis, identiteit en kultuur – elke woord vertel ’n storie van wie ons is.”

Ons het onlangs met trots deel geword van die voortbestaan van die Afrikaanse taal deur as deel van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Woordeboek van die Afrikaanse Taal) se Borg 'n Woord-projek die woord “Daller” te borg.

Hierdie borgskap is moontlik gemaak deur Me Jean Marie Heyns, ons bemarker, wat die woord “Daller” geborg en as geskenk aan Hoërskool Ben Viljoen opgedra het. Hierdie betekenisvolle gebaar getuig van haar liefde vir die skool, sy mense en die unieke kultuur wat diep in elke Daller se hart leef.

Die Borg 'n Woord-inisiatief bied individue, skole en organisasies die geleentheid om 'n unieke bydrae te maak tot die bewaring en ontwikkeling van Afrikaans. Deur 'n woord te borg, help ondersteuners om die voortgesette samestelling en uitbreiding van die WAT moontlik te maak – 'n projek wat reeds vir dekades 'n belangrike rol speel in die dokumentering van die Afrikaanse taal.

Die woord “Daller” dra sy eie unieke karakter en herinner ons daaraan hoe kleurvol en lewendig Afrikaans werklik is.

Om 'n Daller te wees, is meer as net 'n naam - dit is 'n leefwyse. Daller trots leef diep in die harte van ons leerders, alumni, personeel, ouers en gemeenskap. Dit is die trots waarmee ons die groen en geel dra, mekaar ondersteun en saam groei. Dallerkultuur word gebou op waardes van samehorigheid, deursigtigheidsvermoë, respek en loyaliteit – waardes wat van geslag tot geslag oorgedra word.



Die belangrikheid van Dallerwees lê in die eenheid wat dit skep. Elke gemeenskaplid dra op sy of haar eie manier by tot die nalatenskap van Hoërskool Ben Viljoen. Dit is die besondere gevoel van behoort, die trots in ons geskiedenis en die passie vir ons toekoms wat Dallergees so uniek maak.

Ons glo dat taal 'n brug bou tussen geslagte en gemeenskappe, en daarom is dit vir ons 'n voorreg om deel te wees van hierdie projek.

'N BETROKKE LEERDER IS 'N GELUKKIGE LEERDER




By Hoërskool Ben Viljoen word leerders aangemoedig om aktief betrokke te wees by die skool se verskeie aktiwiteite, kultuur, sport en akademie. Hierdie betrokkenheid word beloon deur middel van 'n spesiale balkiestelsel waar leerders 'n balkie ontvang wanneer hulle 25 positiewe punte of meer in 'n jaar verwerf.

Deur die loop van die jaar kan leerders op verskeie terreine punte opbou om in aanmerking te kom vir hierdie prestasiebalkies, waarvan die kleure verskil volgens die aantal punte wat behaal word. Leerders moet egter ook verantwoordelikheid neem vir hulle optrede, aangesien een positiewe punt verloor word vir elke tien dissiplinêre punte wat ontvang word.


WITBALKIES



Omphile Kgaphola



Katinka Wessels



Juan Niemann

GROENBALKIES



Tiago Fernandes



Joe Ras



OPEDAG 2026

'N DALLERKARNAVAL OP DIE VIERKANT

Ons Opedag, wat op 23 April 2026 plaasgevind het, was 'n dag om te onthou – een wat meer soos 'n lewendige karnaval gevoel het as 'n tradisionele skoolgeleentheid.

Van vroegoggend af het die skoolterrein gegons van energie en opgewondenheid. Ouers en voornemende leerders is vanaf 17:00 verwelkom deur 'n kleurvolle en feestelike atmosfeer. Die onderskeie stalletjies, met hulle vakuitstallings en aktiwiteite, het gesorg dat daar vir elkeen iets was om te beleef en te geniet.

Die Dallers het ons skool met trots ten toon gestel. Akademiese departemente het interaktiewe uitstallings aangebied, terwyl sport- en kultuurgroepe hul talente en prestasies uitgelig het. Besoekers het die geleentheid gehad om eerstehands te ervaar wat dit beteken om deel van die Ben Viljoen-familie te wees.

Wat hierdie Opedag besonders gemaak het, was die gevoel van gemeenskap en samehörigheid. Leerders het met entoesiasme hulle rol vervul as ambassadeurs, en elke besoeker laat tuis voel. Die vrolike atmosfeer, saam met die groot verskeidenheid aktiwiteite, het beslis bygedra tot die “karnaval”-gevoel wat deur die dag geheers het.

Die sukses van die Opedag is 'n bewys van die harde werk en samewerking van personeel, leerders en ouers. Hoërskool Ben Viljoen het weereens gewys dat ons nie net 'n plek van akademie is nie, maar 'n dinamiese gemeenskap waar elkeen die geleentheid kry om te groei, deel te neem en elke leerder hulle volle potensiaal kan bereik.



DRIE WYSE UILE

KUIER IN WISKUNDE-KLAS

Daar was heelwat meer as net somme en vergelykings op die rooster by Hoërskool Ben Viljoen toe drie onverwagte gaste besluit het om 'n wiskundeklas in die eksamenseisoen by te woon!

Drie nuuskierige nonnetjiesuile het hulself gemaklik in een van ons wiskunde klaskamers tuisgemaak en vir 'n oomblik al die aandag gesteel. Waar die fokus aanvanklik op getalle, formules en berekeninge was, het die klein geveerde besoekers vinnig die middelpunt van belangstelling geword.

Met hul groot oë en rustige houding het die uile almal dopgehou asof hulle self besig was om ingewikkelde wiskundige probleme op te los. Wie weet? Miskien was hulle op soek na die antwoord op die wêreld se moeilikste wiskunde probleem, of dalk wou hulle net seker maak dat die Dallers se syfers so skerp soos hul eie nagvisie is!



Gronald B



GIDEONSORGANISASIE

BESOEK GRAAD 8-LEERERS

Die Gideonsorganisasie het 'n besoek aan Hoërskool Ben Viljoen gebring en vir elke graad 8-leerder 'n sakpas Bybel oorhandig. Hierdie kosbare geskenk simboliseer 'n bron van geloof, hoop en leiding wat ons leerders hopelik nog vir baie jare op hul lewensreis sal vergesel.

Die oorhandiging van dié Bybels is 'n betekenisvolle oomblik vir ons nuwe Dallers. In 'n wêreld vol uitdagings en belangrike keuses, hoop ons dat hierdie Bybel vir elke leerder 'n gids sal wees – 'n bron van wysheid, rigting en hoop – sodat hulle lewenslegkaart stukkie vir stukkie in plek sal val.


By Hoërskool Ben Viljoen glo ons daarin om nie net akademiese groei te bevorder nie, maar ook karakter, waardes en geloof te koester.

Hierdie gebaar van die Gideons dien as 'n herinnering dat klein dade van omgee 'n groot en blywende impak kan hê.

Ons spreek ons opregte dank en waardering uit teenoor die Gideons vir hierdie betekenisvolle bydrae tot ons leerders se lewens. Mag elke Bybel met oop harte ontvang word en 'n ligdraer wees op elke jongmens se pad vorentoe.



Akademie



Top 30 | Kwartaal 1

Gr 8

1. ACHU MATHEW

2. JENNA BERRY

3. KNOWLEDGE SKOSANA

4. MELINKE MILNER

5. ABDULLAH PATEL

6. REATILE KGAPHOLA

7. ESTELLE MYBURG

8. NIELKE LOURENS

9. ROWAN ROSS

10. NEO MAPHOPHA

11. ELZAAN STOFBERG

12. LOURIZE ALBERTS

13. MIANKE PRINSLOO

14. REMMOGO MOKOENA

15. ML VAN ZYL

16. ORATILWE MANGOALE

17. JESSICA NWADIKE

18. ALEXIA PATRICIO

19. ALMARI ENSLIN

19. IZELKE OOSTHUIZEN

21. KARMI DE KLERK

22. ELIANAH SIMELANE

23. YUTA-LEE MASON-JONES

24. MAHDIYYAH ISMAIL

24. DUDUETSANG MOSHOANE

26. KARABO PITJO

27. CHRISTIAAN JACOBIE

28. ELDONÉ TERBLANCHE

29. THAPELO MMAKO

29. ALEXANDER SAMPSON

Top 30 | Kwartaal 1

Gr 9

1. MARTHINUS DREYER

2. SIMONÉ UYS

3. LANÉL COETZEE

4. CLARIEN VAN DER WALT

5. MIEKE DU TOIT

6. DENISE VAN DER WALT

7. JENISE KRIEL

8. PHAHLAMOSADI MOEMA

9. BISMA MOSTAFA

10. MADEEHA SAYED

11. LOTI LEDWABA

12. SHINISKA DU PLESSIS

13. STORM HEWETSON

14. MYDHILI SANDEEP NAIR

15. JUANÉ VAN STRYP

16. CARI KOTZE

17. KUTLWELO MATEYA

18. MATHEW KANTWE

19. DEHANÉ VAN DER MERWE

20. CLELIA MATTHEE

21. MAUPE PHOLOTO

22. COBUS DE BRUIN

22. THENDO MPOSI

24. OMPHILE MANCHIDI

25. MEKAYLA NEL

26. ERNÉ JANSEN

27. IZABEL MLAMBO

28. JAMES COETZEE

29. ODESSA SCHEEPERS

30. MOHAU MATLALEPOO

Top 30 | Kwartaal 1

Gr 10

1. MONIQUE VILJOEN

2. FRANSIEN MYBURG

3. HOPE MATSETELA

4. KAYLA ALBRECHT

5. JAUN BOUWER

6. MEA-NÉ HANCKE

7. CHANTÉ VAN STADEN

8. NIANA SWART

9. ROSETTA VANJICKAL

10. LILIANA JV RENSBURG

11. WADZANAI MUNGWINIRI

12. ZAINAB MOSTAFA

13. NICOLE COX

14. BERNICE ENGELBRECHT

15. NHLANHLA MASHIANE

16. JOE RAS

16. TSHOLOFELO VILAKAZI

18. OMPHILE MOGAPE

19. KEEGAN GERTENBACH

20. MABUNANG MORENA

21. LEANÉ MEYER

22. CHERISE VAN HEERDEN

23. MANTOMBI MATLALA

24. MLUNGISI HLONGWANE

25. ALEX VAN EMMENIS

26. DALIAH LEVY

27. OMPHILE KGAPHOLA

28. TIAGO FERNANDES

29. KOKETSO NTOBENG

30. ATLEGANG SEDIBANE

30. RUAN VAN NIEKERK

Top 30 | Kwartaal 1

Gr 11

1. MARNU HANCKE

2. ANIKA PRUIS

3. ELENE BOTES

4. JAYDÉNE CLOETE

5. KATINKA WESSELS

6. BOKAMOSO MALEBANA

7. MICHALLE MILNER

8. TSWANELO MACHACHA

9. ESTEA JOVNER

10. LIVEY VAN BLERK

11. COSTA PAISSOPOULOS

12. CHRISTOFF VD WALT

13. MELADI RATAU

14. TSHEPANG MALOMA

15. BLESSING RATAU

16. PETER JACQUIRE

17. LERATO MAKWANA

17. CAYLIN SADIE

19. NICKE BOTHA

19. MEGAN STEYN

21. MALOSE MPHAHLELE

22. TENITA DA SILVA

23. ELRIE ENSLIN

24. KARIEN ENGELBRECHT

25. MAMORIBULA SEGOPOTJE

26. LEHANI BENADE

27. KYLA DU PREEZ

28. EDUNETTE KRIEL

29. KOPANO MAHLOBOGOANE

30. BASSON BONNEMA

Top 30 | Kwartaal 1 Gr 12

1. JAUN ROOS

2. JACO VD WESTHUYZEN

3. DIAN DU PREEZ

4. ISABEL AGUINAGA

5. LESEGO MTHEMBU

6. BOKANG MASEMOLA

7. GIDEON VAN NIEKERK

8. MOSHOPIADI NCHABELENG

9. DUAN SCORGIE

10. DANELLE HALL

11. MORUFE MOSEHLA

12. ALMAY PRETORIUS

13. LERATO MOKWANA

14. CHRISTI PATRICIO

15. TIA-MARI THERON

16. DILLAN BRITZ

17. EMMARENTIA JV RENSBURG

18. KELEBOGILE MADIHLABA

19. MCKAYLIN ROSSOUW

20. FRANCIA MEIRING

20. TISETSE NETILI

22. KEETUMETSE MATEA

23. LINDOKUHLA NHLAPO

24. CAREL KLINGBIEL

25. THETO TLOMATSANA

26. ARNÉ DE VILLIERS

26. MARIA MASOMBUKA

28. JONÉ BRONKHORST

28. MOGAU SEKHUKHUNE

30. ELSJÉ DE BRUIN

GRAAD 12-LEERDERS

WOON GEFOKUSDE VAKANSIESKOOL BY


Ons Graad 12 Engelse Huistaalleerders het vanaf 30 Maart tot 1 April deelgeneem aan 'n gefokusde vakansieskool, met die oog op deeglike voorbereiding vir die Junie/Julie-eksamen.

Gedurende hierdie drie dae het leerders die geleentheid gehad om intensief aan belangrike aspekte van die kurrikulum te werk.

Deur middel van gestruktureerde lesse, praktiese oefeninge en waardevolle terugvoer, is leerders toegerus met die nodige vaardighede en selfvertroue om hul beste te lewer.

Die vakansieskool het nie net akademiese groei bevorder nie, maar ook 'n positiewe en doelgerigte leeromgewing geskep waar leerders mekaar kon motiveer en ondersteun. Die toewyding en harde werk wat gedurende hierdie tydperk getoon is, getuig van ons matrieks se vasberadenheid om sukses te behaal.

'n Opregte woord van dank aan ons toegewyde onderwysers wat hul tyd en kundigheid opgeoffer het om hierdie ekstra ondersteuning moontlik te maak. Jul passie en betrokkenheid maak 'n blywende verskil in ons leerders se akademiese reis.



VERBRUIKERSTUDIE-LEERDERS WYS HULLE SLAG MET PRAKTIES



Die vak Verbruikerstudies bied aan leerders 'n waardevolle geleentheid om praktiese vaardighede en kennis te ontwikkel wat hulle voorberei vir die uitdagings van die moderne wêreld. Hierdie vak fokus nie net op die verantwoordelike rol van die verbruiker nie, maar rus leerders ook toe met vaardighede wat hulle in hul persoonlike én professionele lewens kan toepas.

Een van die belangrike afdelings binne die Verbruikerstudies-sillabus is Entrepreneurskap. Deur hierdie afdeling leer leerders hoe om kreatief te dink, probleme op te los en geleenthede raak te sien waar hulle hul talente en vaardighede kan benut. Dit gee aan hulle 'n beter begrip van hoe kleinskaalse ondernemings funksioneer en hoe produkte suksesvol ontwikkel, bemark en verkoop kan word.

Die praktiese komponent van die vak speel 'n groot rol in hierdie leerproses. Tydens praktiese klasse kry leerders die geleentheid om verskillende produkte self te vervaardig en sodoende waardevolle ervaring op te doen. Hierdie praktiese blootstelling help hulle om selfvertroue op te bou en hul kreatiwiteit verder te ontwikkel. Dit berei hulle ook voor vir moontlike toekomstige ondernemingsgeleenthede indien hulle sou besluit om eendag hul eie besigheid te begin.

Tydens die tweede kwartaal het ons Graad 10- tot Graad 12-Verbruikerstudieleerders hul vernuf en talent ten toon gestel tydens hul praktiese klasse. Die leerders het met groot entoesiasme en toewyding verskeie produkte bemeester en vervaardig. Elke produk het nie net die leerders se harde werk weerspieël nie, maar ook hul vermoë om te beplan, noukeurig te werk en kreatief te wees.





Leierskamp



GRAAD 8

VERTEENWOORDIGENDE KOSHUISRAAD AANGEKONDIG



Die Graad 8 Verteenwoordigende Koshuisraad (VKR) is gedurende die tweede kwartaal tydens die saalperiode aangewys. Hierdie is 'n belangrike mypaal vir die graad 8-leerders, aangesien dit vir hulle die geleentheid bied om van vroeg af reeds hulle leierskapsvaardighede ten toon te stel en 'n positiewe bydrae tot die koshuise te lewer.

Baie geluk aan Estelle Myburg wat verkies is tot die VKR van Huis Cherié Dogterskoshuis. Haar aanwysing is 'n bewys van haar entoesiasme, verantwoordelikheid en die vertroue wat haar mede-leerders en opvoeders in haar stel.

Ons wens ook vir Tetelo Dikotope geluk met sy verkiesing tot die VKR van Boomhuis Seunskoshuis. Hierdie prestasie getuig van sy leierskapsvermoë en sy bereidwilligheid om 'n verskil in die koshuisegemeenskap te maak.

Mag beide van julle hierdie nuwe rolle met trots, integriteit en toewyding vul, en 'n positiewe invloed op julle mede-koshuisinwoners hê. Ons sien uit na die waardevolle bydraes wat julle gaan lewer.

Koshwize



HUIS CHERIÉ

HOU JAARLIKSE GANGKOMPETISIE

Die inwoners van Huis Cherié Dogterskoshuis het onlangs weer hul kreatiwiteit op uitstekende wyse ten toon gestel tydens hul jaarlikse gangkompetisie. Hierdie gewilde tradisie het die hele koshuis laat bruis van opgewondenheid, aangesien elke graadgroep die uitdaging aanvaar het om hul gang in 'n unieke tema en kleur te omskep.

Die gange is met groot entoesiasme versier, elk met sy eie identiteit, kleur en styl. Van kreatiewe dekor tot oorspronklike temas is dit duidelik dat daar baie tyd, moeite en spanwerk in elke gang ingegaan het.

Onder die verskillende inskrywings het die Graad 11-leerders egter uitgestaan met hulle besondere "geel sonneblomgang". Hul gang was 'n helder en vrolike vertoning van sonneblomme en geel skakerings wat onmiddellik 'n gevoel van warmte, positiwiteit en energie geskep het. Die beoordelaars was beïndruk met die konsekwente tema, aandag aan detail en die samehorigheid wat in hul dekor sigbaar was.

Met groot trots is die Graad 11-groep dan as die weners van vanjaar se gangkompetisie aangekondig. Hul kreatiwiteit en spanwerk dien as inspirasie vir die res van die koshuis en bevestig weereens die gees van samehorigheid wat in Huis Cherié heers.



KOSHUISE HOU 'BONFIRE' AAND



Die inwoners van Huis Cherié Dogterskoshuis en Boomhuis Seunskoshuis het saam 'n ontspannende "Bonfire-aand" geniet wat beslis nog lank onthou sal word. Met die winterkoue wat stadig sy plek in die Loskopvallei in geneem het, was die gesellige atmosfeer rondom die warm vure die perfekte geleentheid vir leerders om saam te kuier en stories te deel.

Die aand was gevul met lag, goeie geselskap en heerlike warm sjokolade wat almal sommer van binne af warm gemaak het. Leerders het die geleentheid gehad om vir 'n rukkie van alle akademiese druk te vergeet en die oomblik saam met hul vriende te geniet.

Hierdie Bonfire-aand het plaasgevind voor die Mei-Junie eksamen afgeskop het, en was die ideale manier vir leerders om 'n laaste bietjie te ontspan voordat die ernstige leerwerk moes begin. Die aand het nie net ontspanning gebied nie, maar ook nuwe energie en motivering geskep vir die uitdagende eksamentyd.

'n Groot woord van dank en waardering gaan aan die matrieks van Huis Cherié en Boomhuis wat hierdie wonderlike inisiatief aangepak en moontlik gemaak het. Julle leiding, entoesiasme en moeite om iets spesiaal vir julle mede-koshuisinwoners te reël, word opreg waardeer. Hierdie tipe geleenthede versterk nie net die bande tussen leerders nie, maar dra ook by tot die unieke familie-atmosfeer waarvoor ons koshuise bekend is.



HUIS CHERIÉ

'AROUND THE WORLD'



Die inwoners van Huis Cherié Dogterskoshuis het op 21 Mei 'n opwindende en smaakvolle "Around the World"-funksie gehou waar verskillende lande en kulture deur unieke gourmet burgers verteenwoordig is. Die aand was gevul met kreatiwiteit, spanwerk en heerlike geure van regoor die wêreld.

Die koshuis het die basiese bestanddele vir die burgers voorsien, naamlik 'n hoenderpattie, broodjies, blaarslaai en tamatie. Die res van die bestanddele en spesiale bestanddele moes deur die koshuisinwoners self verskaf word, wat aan elke groep die geleentheid gebied het om hul land se unieke smake en styl op kreatiewe wyse uit te beeld.

Die dogters het behoorlik uitgehaal met hulle temas en bestanddele. Mexiko is verteenwoordig met vurige warmsous, terwyl Texas in die VSA bekendheid verwerf het met smaaklike BBQ-sous. Nederland se invloed was duidelik sigbaar met die gebruik van romerige Gouda-kaas op die burgers.

Die Graad 9-groep het uiteindelik as weners uit die stryd getree met hul indrukwekkende Japanese-tema. Hulle het groot aandag aan detail gegee deur hul broodjies met sesamsade te rooster en egte Japanese Kewpie-mayonnaise op hul burgers te gebruik. As ekstra bederf het hulle selfs Matcha-gegeurde kolwyntjies as nagereg voorgesit, wat die beoordelaars behoorlik beïndruk het. Selfs die diensdoenende personeel het met groot entoesiasme deelgeneem deur Griekeland as tema te kies. Hulle burgers is afgerond met olywe en heerlike tzatziki, wat 'n egte Mediterreense geur aan die aand verleen het.

Die "Around the World"-funksie was nie net 'n prettige sosiale geleentheid nie, maar ook 'n viering van kulture, samewerking en kreatiwiteit. Huis Cherié het weereens bewys dat koshuislewe gevul is met unieke herinneringe en besonderse oomblikke wat lank onthou sal word.





HUIS CHERIÉ SPOG MET VERWELKOMINGSMUUR



Die inwoners van Huis Cherié Dogterskoshuis spog met 'n splinternuwe verwelkomingsmuur wat beslis warmte, trots en die unieke Huis Cherié-gees uitstraal. Die kleurvolle muur, versier met blomme en die kenmerkende kersie-embleem, skep 'n vriendelike en huislike atmosfeer waar elke inwoner en besoeker dadelik welkom voel. Hierdie pragtige toevoeging is nóg 'n voorbeeld van die trots en omgee wat binne die Ben Viljoen-familie leef.



Ons wil graag ons opregte dank uitspreek teenoor al die betrokke ouers wat dikwels stilweg tyd, ondersteuning en bydraes lewer om ons koshuise 'n besondere plek vir ons leerders te maak. Julle betrokkenheid en ondersteuning speel 'n ongelooflike groot rol in die sukses en groei van ons onderskeie koshuise.

Huis Cherié is nie net 'n koshuis nie - dit is 'n tuiste waar herinneringe geskep, vriendskappe gebou en Dallerwaardes elke dag uitgeleef word.

Sport





GOUD VIR MARNU BY ASA SUID-AFRIKAANSE KAMPIOENSKAPPE



Die ASA Suid-Afrikaanse Kampioenskappe het vanaf 26 tot 28 Maart 2026 by die Germiston Stadion in Ekurhuleni plaasgevind, en die Daller-atlete het hulle uitstekend van hul taak gekwyf.

Ons is besonder trots om aan te kondig dat die enigste goue medalje wat deur die Limpopo-span verower is, deur ons eie Marnu Hancke in die o.18-diskus gewen is. Marnu het 'n indrukwekkende afstand van 57.58m gegooi en sodoende sy merk op die kampioenskappe gelaat.

Jaco van der Westhuyzen, wat as 'n o.18-atleet in die o.20-afdeling deelgeneem het, het sterk vertonings gelewer. Hoewel hy ongelukkig nie vir die 100m-finaal gekwalifiseer het nie, het hy uitstekende tye in die uitdunronde (10.63) en semi-finaal (10.57) aangeteken. Jaco het egter daarin geslaag om vir die 200m-finaal te kwalifiseer, waar hy 'n vierde plek behaal het. Hy het 'n tyd van 21.14 in die uitdunronde gehardloop en daarna 21.19 in beide die semi-finaal en finaal.

Benewens sy goue medalje in die diskus, het Marnu Hancke ook aan die o.18-gewigstoot deelgeneem. Hy het 'n algehele vierde plek in die finaal behaal met 'n beste poging van 17.27m.

Omphile Tshikane het ook goeie vorm getoon en tydens die semi-finaal van die 800m 'n tyd van 2:02.73 gehardloop, maar het ongelukkig nie vir die finaal gekwalifiseer nie.

Tydens die kampioenskappe was daar ook twee oud-Daller-atlete in aksie. Kadmiel Lotika het aan die o.20 400m deelgeneem en 'n tyd van 48.14 in die uitdunronde gehardloop. In die semi-finaal teken hy 'n tyd van 47.25 aan, waarna hy tydens die finaal 'n tyd van 47.42 aanteken, wat hom 'n algehele vyfde plek besorg. Rorisang Rammupudu het in die o.23 400m deelgeneem en 'n tyd van 48.06 aangeteken.

Ons atlete kan trots wees op hulle prestasies en die wyse waarop hulle ons skool, gemeenskap en provinsie verteenwoordig het.



JACO EN MARNU INGESLUIT IN SENIOR ASA-ATLETIEKSPAN



Twee van Hoërskool Ben Viljoen se uitblinkatlete, Jaco van der Westhuyzen en Marnu Hancke, se onderskeie atletiekseisoene het onlangs hul persoonlike hoogtepunte bereik. Beide atlete is op grond van hul uitstekende prestasies gekies vir die Limpopo Senior Atletiekspan wat aan die 2026 ASA Senior Atletiekkampioenskappe deelgeneem het.

Die Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe het van 16 tot 18 April by die bekende Coetzenburg-stadion op die terrein van die Universiteit van Stellenbosch plaasgevind – 'n verhoog waar die land se beste atlete jaarliks hul talente ten toon stel.

Ons is besonder trots op twee van ons uitstaande atlete, Marnu en Jaco, wat vir deelname aan hierdie gesogte kampioenskappe gekwalifiseer het. Om op hierdie vlak te kwalifiseer, getuig van uitsonderlike talent, harde werk en deursettingsvermoë.

Hoewel die geleentheid 'n hoogtepunt op enige atleet se kalender is, het beide Marnu en Jaco die moeilike besluit geneem om aan die kampioenskappe te onttrek ten einde hul akademiese verantwoordelikhede te prioritiseer. Hierdie besluit spreek boekdele van hul toewyding, dissipline en vermoë om verantwoordelike keuses te maak met die oog op hul langtermyn-doelwitte.

Hul kwalifikasie vir die kampioenskappe bly steeds 'n prestasie en 'n bron van groot trots vir die ons en die breër gemeenskap. Dit bevestig weereens die hoë standaard van sportontwikkeling by Hoërskool Ben Viljoen en die gehalte van leerders wat nie net op die sportveld uitblink nie, maar ook akademiese uitnemendheid nastreef.

OMPHILE INGESLUIT IN LIMPOPO SASA-SPAN VIR SUID-AFRIKAANSE KAMPIOENSKAPPE



Omphile Tshikane het vanaf 29 April tot 2 Mei 2026 deelgeneem aan die SASA Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe wat by die Pilditch-stadion in Pretoria aangebied word.

Hierdie kampioenskappe bring die land se beste jong atlete bymekaar en bied aan deelnemers die geleentheid om hul talent op 'n nasionale verhoog te bewys. Omphile het gekwalifiseer vir deelname aan die o.19 800 meter-item, 'n veeleisende middelafstandwedloop wat beide uithouvermoë en taktiese insig vereis. Hierdie deelname volg op 'n sterk vertoning vroeër vanjaar tydens die ASA Suid-Afrikaanse Atletiekkampioenskappe wat gedurende die Maartvakansie plaasgevind het, waar hy aan die o.20 800m deelgeneem het.

Met harde werk, deursettingsvermoë en toewyding deur die seisoen het Omphile homself bewys as 'n sterk mededinger in hierdie item. Sy konsekwente deelname op hoë vlak getuig van harde werk, toewyding en 'n passie vir atletiek. Omphile se prestasies is 'n bewys van sy deursettingsvermoë en die vrugte van volgehoue oefening.

DALLERS ALGEHEEL TWEEDE IN NWU 16 SKOLESPORTREEKS



NWU 16



SKOLESPORTREEKS

Vir vyf weke, met die uitsondering van die skoolvakansie, het ons rugby-, hokkie- en netbalspanne hul staal gewys in die gesogte NWU-16 Skolesportreeks. Die Dallers het teen van die land se sterkste sportskole meegeding en kilometers afgelê na wedstryde wat so ver as Volksrust plaasgevind het.

Met deursettingsvermoë, harde werk en 'n ware Dallergees het ons sportspanne week na week hul talente op die veld en baan ten toon gestel. Hierdie jaar was besonder betekenisvol, aangesien dit die derde agtereenvolgende jaar is wat ons aan hierdie prestige reeks deelneem.

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat ons vanjaar die **algehele tweede plek** in die NWU-16 Skolesportreeks behaal het – 'n merkwaardige prestasie wat die kwaliteit van ons sportprogram en die toewyding van ons spelers en afrigters weerspieël.

In die onderskeie sportkategorieë het die Dallers uitstekend gevaar:

- **Rugby:** Algehele 3de plek uit 16 deelnemende skole
- **Dogtershokkie:** Algehele 1ste plek uit 16 deelnemende skole
- **Netbal:** Algehele 4de plek uit 16 deelnemende skole
- **Gholf:** Algehele 3de plek uit 16 deelnemende skole
- **Skaak:** Algehele 8ste plek uit 16 deelnemende skole

'n Spesiale gelukwensing gaan aan **Jadin Klopper**, wat as bordwenner in die skaakafdeling aangewys is.

Verskeie van ons spanne het ook uitsonderlike prestasies in hul afdelings behaal en onder die top drie geëindig:

o.14-netbalspan – 3de plek

o.15-netbalspan – 3de plek

Gholf A-span – 3de plek

o.15-dogtershokkiespan – NWU-16 Kampioene

Eerste Dogtershokkiespan – NWU-16 Kampioene

o.14-rugbyspan – NWU-16 Kampioene

Hierdie prestasies is die resultaat van ure se oefening, opoffering en spanwerk. Dit getuig van die karakter van ons sportlui, die ondersteuning van ouers en ondersteuners, en die leiding van toegewyde afrigters.





NWU SKOLESPORTREEKS

RUGBY UITSLAE

SEMI-FINAAL

o.14A BV 24-12 FERRUM
o.15A BV 36-12 PIONIER
o.16A BV 20-26 PIONIER
2de Span BV 38-07 VOLKSRUST
1ste Span BV 26-19 PIONIER

FINAAL

o.14A BV 26-14 ALBERTON

WINTERSPORT LIGA

RUGBY UITSLAE

LIGA 1 VS NYLSTROOM

o.14A BV 19-07 NYL
o.14B BV 55-00 NYL
o.15A BV 12-31 NYL
o.16A BV 31-14 NYL
3de Span BV 21-31 NYL
2de Span BV 12-36 NYL
1ste Span BV 36-08 NYL

LIGA 2 VS FRIKKIE MEYER

o.14A BV 10-07 FM
o.14B BV 31-10 FM
o.15A BV 05-26 FM
o.16A BV 36-17 FM
o.16B BV 29-07 FM
3de Span BV 27-38 FM
2de Span BV 20-27 FM
1ste Span BV 27-13 FM

LIGA 3 VS TOM NAUDE

o.14A BV 19-22 TN
o.14B BV 24-29 TN
o.15A BV 21-26 TN
o.16A BV 31-33 TN
o.16B BV 10-36 TN
3de Span BV 10-36 TN
2de Span BV 07-38 TN
1ste Span BV 32-19 TN

LIGA 4 VS TOM NAUDE

o.14A BV 33-00 ELL
o.14B BV 15-00 ELL
o.15A BV 17-10 ELL
o.16A BV 31-22 ELL
o.16B BV 12-17 ELL
3de Span BV 26-20 ELL
2de Span BV 07-52 ELL
1ste Span BV 24-32 ELL

LIGA 5 VS HANS STRIJDOM

o.14A BV 76-00 HHS
o.15A BV 17-17 HHS
o.16A BV 110-07 HHS
3de Span BV 12-43 HHS
2de Span BV 14-45 HHS
1ste Span BV 48-17 HHS

LIMPOPO AFDELING 2

A-SPANNE SEMI-FINAAL

B-SPANNE FINAAL



O.14B
FINAAL

BV 20-10 HTS Tom Naude

ALGEHELE 1STE PLEK



1STE SPAN
SEMI FINAAL

BV 28-36 Hoërskool Hans Strijdom

ALGEHELE 3DE PLEK



EERSTE RUGBYSPAN

NEEM DEEL AAN DIE KLEIN KAROO SAADPRODUKSIE O.19 RUGBYWEEK



Ons eerste rugbyspan het vanaf 26 Maart tot 2 April deelgeneem aan die Klein Karoo Saadproduksie o.19 Rugbyweek wat by Hoër Landbouskool Oakdale in Riversdal plaasgevind het. Hierdie gesogte rugbyweek het skole van regoor die land bymekaar gebring en aan spelers die geleentheid gebied om hul vaardighede, deursettingsvermoë en spanwerk teen sterk teenstanders te toets.

Die span se toernooi het op Saterdag, 28 Maart 2026 afgeskop met 'n uitdagende kragmeting teen Hoërskool Charlie Hofmeyr van Ceres. In 'n fisieke en intense wedstryd het ons span hard geveg, maar uiteindelik in 'n taai stryd vasgeval. Ten spyte van die nederlaag het die spelers uitstekende karakter getoon en tot die laaste fluitjie bly veg, wat hul trots en toewyding aan ons skool beklemtoon het.

Op die tweede dag het die Dallers kragte gemeet met Langenhoven Gimnasium van Oudtshoorn. Met halftyd was ons span met 03-05 agter, maar in 'n indrukwekkende vertoning van vasberadenheid en spanwerk het hulle die wedstryd in die tweede helfte omgedraai en 'n naelbyt-oorwinning van 22-20 behaal. Hierdie oorwinning het die span se gees en vermoë om onder druk te presteer duidelik beklemtoon.

Op die derde dag het ons eerste span teen Augsburg Landbou Gimnasium van Clanwilliam te staan gekom. Die Dallers het van die begin af beheer geneem en teen halftyd reeds 'n stewige voorsprong van 21-07 opgebou. Hulle het voortgebou op hierdie momentum en die wedstryd oortuigend met 31-12 gewen.

Oor die verloop van die toernooi het ons eerste rugbyspan nie net hulle vaardighede op die veld gewys nie, maar ook hul karakter, samehorigheid en deursettingsvermoë. Die Klein Karoo Saadproduksie o.19 Rugbyweek was 'n waardevolle leerervaring wat ongetwyfeld bygedra het tot die span se groei en selfvertroue vir die res van die seisoen.



TIEN LEERDERS

INGESLUIT IN PROVINSIALE RUGBYSPANNE

Limpopo Blou Bulle Hoërskole Rugbyvereniging het onlangs die provinsiale rugbyspanne bekendgemaak wat aan die onderskeie rugbyweke gedurende die Junie-vakansie gaan deelneem.

Hierdie spanne het reeds op 2 Junie 2026 te staan kom teen die onderskeie spanne van die Blou Bulle in vriendskaplike wedstryde wat op Loftus Versfeld plaasgevind het.

Ons is ongelooflik trots op ons tien seuns wat in die onderskeie provinsiale spanne ingesluit is, en ons wens julle sterkte toe met julle voorbereiding vir die wedstryde wat voorlê.

o.18 Cravenweek:

Graham Rooza
Limni-Lu Heswick
Leeroy Alexander

o.18 Akademieweek:

Jac-Johan Gouws
Rome Pietersen
Come Look

o.16 Grant Khomoweek:

Joe Ras
Philani Siguqa

o.16 Doom Gouwsweek:

Jivano Boois

o.15 AFGRI-week:

Ethan Pietersen



JAC-JOHAN AANGEWYS AS AKADEMIEWEEK KAPTEIN



Ons is trots om aan te kondig dat Jac-Johan Gouws, tydens die inhuldiging van die provinsiale rugbyspanne, aangewys is as die kaptein van die Limpopo o.18 Akademieweekspan.

Hierdie inhuldigingseremonie, wat by Hoërskool Pietersburg plaasgevind het, het spelers, afrigters en ouers byeengebring om die provinsie se top jong rugbytalent vir die komende provinsiale weke te vereer.

Hierdie aanwysing is 'n besondere erkenning van Jac-Johan se harde werk, toewyding en leierseienskappe op en van die rugbyveld af. Om as kaptein van 'n provinsiale span aangewys te word, getuig van die respek wat hy onder sy medespelers en afrigtingspan geniet, asook van die voorbeeld wat hy deur sy optrede en spel stel.

Jac-Johan het deurgaans bewys dat hy 'n speler van gehalte is wat bereid is om verantwoordelikheid te aanvaar en sy span te inspireer. Sy aanstelling as kaptein is nie net 'n persoonlike prestasie nie, maar ook 'n groot eer vir Hoërskool Ben Viljoen en die Daller-gemeenskap.

Ons wens al ons provinsiale spelers alle sterkte toe vir die onderskeie toernooie wat voorlê. Mag hierdie geleentheid vir julle 'n onvergeetlike ervaring wees.

LILIANA INGESLUIT IN

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA SE O.16-VROUESEWESRUGBYSpan

Ons is trots om aan te kondig dat Liliana Janse van Rensburg ingesluit is in die Universiteit van Pretoria se o.16-vrouesewesrugbyspan wat op 8 en 9 Augustus 2026 aan die Imbokodo-toernooi by die Universiteit van Johannesburg gaan deelneem.

Hierdie toernooi bring talentvolle jong rugbyspelers van regoor die land bymekaar en bied aan hulle die geleentheid om hul vaardighede op 'n hoë vlak te meet.

Liliana se insluiting in die span is 'n welverdiende erkenning van haar harde werk, toewyding en passie vir die spel.

Om vir die Universiteit van Pretoria se o.16-span gekies te word, is 'n groot prestasie en getuig van haar potensiaal as jong vrouesewesrugbyspeler. Hierdie blootstelling sal haar die kans gee om waardevolle ervaring op te doen en verder as speler te ontwikkel.



U16 7's SQUAD

8 & 9 AUGUST 2026

UJ IMBOKODO TOURNAMENT

1. Orifha Tshivhase
2. Siphesihle Shongwe
3. Maletjema Galane
4. Chemikè Visser
5. Lorten Meyer
6. Micyalin Barnard
7. Nitha Dormack
8. Mariette Botha
9. Lillian J.V.Rensburg
10. Juhné V.D.Heever
11. Siphwokuhe Mlangeni



NWU SKOLESPORTREEKS

NETBAL UITSLAE

SEMI-FINAAL

o.14A BV 12-15 FERRUM
o.15A BV 18-20 FERRUM
o.16A BV 19-06 SAREL CILLIERS
2de Span BV 10-04 VOLKSRUST
1ste Span BV 33-15 SAREL CILLIERS

FINAAL

o.14A - 3DE PLEK
o.15A - 3DE PLEK
o.16A - 9DE PLEK
2de Span - 13DE PLEK
1ste Span - 9DE PLEK

WINTERSPORT LIGA

NETBAL UITSLAE

LIGA 2 VS GENERAAL HERTZOG

o.14A BV 16-10 HGH
o.14B BV 13-09 HGH
o.15A BV 16-13 HGH
o.15B BV 03-18 HGH
o.16A BV 14-06 HGH
o.16B BV 11-07 HGH
2de Span BV 06-15 HGH
1ste Span BV 25-48 HGH

LIGA 3 VS HTS MIDDELBURG

o.14A BV 06-09 HTSM
o.14B BV 04-20 HTSM
o.15A BV 05-17 HTSM
o.15B BV 00-29 HTSM
o.16A BV 09-24 HTSM
o.16B BV 05-22 HTSM
2de Span BV 03-28 HTSM
1ste Span BV 13-50 HTSM

LIGA 4 VS DELMAS

o.14A BV 08-03 D
o.14B BV 15-07 D
o.15A BV 17-00 D
o.15B BV 06-11 D
o.16A BV 17-13 D
o.16B BV 11-11 D
2de Span BV 10-12 D
1ste Span BV 18-31 D

LIGA 5 VS MHS

o.14A BV 07-17 MHS
o.14B BV 03-45 MHS
o.15A BV 07-32 MHS
o.15B BV 02-30 MHS
o.16A BV 04-34 MHS
o.16B BV 00-32 MHS
2de Span BV 03-28 MHS
1ste Span BV 18-67 MHS



NETBALSPANNE BLINK UIT BY BASONANI-TOERNOOI



Ons o.14-, o.15- en o.16-netbalspanne het vanaf 27 tot 29 Maart aan die Basonani Toernooi by HTS Middelburg deelgeneem. Die toernooi het spanne van verskeie skole byeengebring en het hoë vlakke van mededinging en sportmanskap opgelewer.

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat ons o.14-span as die wenner van die o.14-toernooi aangewys is. Hulle het deurgaans uitstekende spel gelewer en hul talent en spanwerk duidelik ten toon gestel.

Ons o.15-span het ook indrukwekkend gevaar en is as naaswenner gekroon na sterk vertonings gedurende die toernooi. Daarbenewens het ons o.16-span 'n verdienstelike derde plek behaal, wat 'n verdere bewys van die diepte en kwaliteit van ons netbalprogram is.

Baie geluk aan al die spelers en afrigters met hierdie puik prestasies. Julle harde werk en toewyding maak ons ongelooflik trots!



CAMP DISCOVERY

NETBALTOERNOOI



Ons eerste netbalspan het vanaf 31 Maart tot 2 April aan 'n opwindende en kompeterende netbaltoernooi by Camp Discovery deelgeneem. Die span het deurgaans sterk karakter, spanwerk en deursettingsvermoë getoon teen van die sterkste netbalskole.

Gedurende die toernooi het ons span 'n reeks uitdagende wedstryde gespeel en indrukwekkende oorwinnings behaal. Hulle het hul toernooi uitstekend begin met 'n oorwinning van 14-09 teen Capricorn High School, waarna hulle ongelukkig met 19-27 teen Edenvale High School verloor het in 'n taai en fisieke wedstryd.

Ons span het egter vinnig herstel en hul vorm gevind met 'n oortuigende 31-13 oorwinning teen Tyger Valley College. In 'n spannende en naelbytsryd het hulle Hoërskool Stoffberg met net een doelverskil, 24-23, geklop - 'n ware bewys van hul kalmte onder druk.

Die toernooi is op 'n hoogtepunt afgesluit met nog 'n sterk vertoning toe ons span Hoërskool Erasmus met 20-16 verslaan het. Na afloop van dié toernooi, eindig ons span in die algehele sesde plek.



CHARLIZE

INGESLUIT IN O.16 PROVINSIALE NETBALSPAN

Met groot trots kondig ons aan dat die o.16 Mpumalanga Provinsiale Netbalspan onlangs bekend gemaak is, en dat Charlize Kruger as nie-reisende reserwe tot dié span verkies is.

Hierdie besondere prestasie is 'n bewys van Charlize se harde werk, toewyding en deursettingsvermoë op en van die netbalbaan af.

Om op provinsiale vlak erkenning te ontvang, is 'n groot eer en weerspieël die talent en karakter wat sy as Daller uiteleef. Hoërskool Ben Viljoen wens Charlize baie geluk met hierdie prestasie en sien uit na nog vele hoogtepunte in haar netballoopbaan.



DALLERS BLINK UIT

TYDENS NKANGALA STREEKSUITSPLE BY HTS WITBANK



Ons o.14-, o.15- en o.16-netbalspanne het op Saterdag, 30 Mei 2026, aan die Nkangala Streeksuitspele by HTS Witbank deelgeneem, waar hulle met trots hulle Dallerkleure gedra het.

Die dag was gevul met harde wedstryde teen die beste spanne in die streek, en ons o.14-span het besonders goed gevaar deur die uitspele in 'n uitstekende derde plek af te sluit. Ons o.15-span het ook sterk vertonings gelewer en 'n verdienstelike vierde plek in die streek behaal.

Die o.16-span het deurentyd met groot vasberadenheid gespeel, maar het ongelukkig in hul laaste poelwedstryd uitgeval en sodoende net-net die volgende rondte misgeloop.

Die hoogtepunt van die dag was dat beide die o.14- en o.15-spanne gekwalifiseer het vir die Mpumalanga Uitspele wat op 15 en 16 Junie 2026 plaasgevind het. Hierdie prestasie getuig van die spelers se harde werk, deursettingsvermoë en toewyding deur die seisoen.

Baie geluk aan al drie spanne, hul afrigters en ondersteuners met die wyse waarop julle Hoërskool Ben Viljoen verteenwoordig het.

o.14 en o.15

BLIKSKUDFONDSINSAMELING

Ons o.14- en o.15-netbalspelers wil graag hul opregte dank en waardering uitspreek teenoor die Groblersdal-gemeenskap vir die ongelooflike ondersteuning wat hulle ontvang het tydens hulle blikskudfondsinsameling op Vrydag, 5 Junie 2026, by Groblersdal Spar.

Die spelers is oorweldig deur die vriendelikheid en ruimhartigheid van almal wat 'n bydrae gemaak het. Elke donasie, groot of klein, het 'n betekenisvolle verskil gemaak en weereens bewys hoe sterk die gemeenskapsgees in Groblersdal is.

Danksy die sukses van die fondsinsameling kon die spelers genoeg fondse insamel om ongeveer 75% van hulle verblyfkooste vir die Mpumalanga Kampioenskappe te dek. Hierdie ondersteuning verlig nie net die finansiële las op die spelers en hul ouers nie, maar gee ook aan die dogters die geleentheid om met groter gemoedsrus op hul voorbereiding vir die kampioenskap te fokus.

'n Besondere woord van dank aan Groblersdal Spar vir die geleentheid om die fondsinsameling daar aan te bied, asook aan elke lid van die publiek wat gestop het om 'n bydrae te maak, bemoedigende woorde te deel of hul ondersteuning te wys.



MPUMALANGA KAMPIOENSKAPPE

NETBAL UITSLAE

O.14

POELWEDSTRYDE

BV 06-18 HS NELSPRUIT

BV 09-07 HS PIET RETIEF

KWARTFINAAL

BV 02-18 HS MIDDELBURG

SEMI-FINAAL

BV 04-15 HS ERMELO

FINAAL VIR PLEKKE 7 & 8

BV 07-08 HS ROB FERREIRA



ALGEHELE 8STE PLEK

O.15

POELWEDSTRYDE

BV 14-09 MADZUMA

BV 10-04 IDLANGEMABALA

BV 09-17 HS SECUNDA

BV 05-12 HS LYDENBURG

SEMI-FINAAL

BV 09-05 HS PIET RETIEF

FINAAL VIR PLEKKE 9 & 10

BV 11-06 HS ROB FERREIRA



ALGEHELE 9DE PLEK



NWU SKOLESPORTREEKS

DOGTERSHOKKIE UITSLAE

SEMI-FINAAL

o.14 BV 3-1 FERRUM (IN 8-SEKONDES)
o.15 BV 2-1 FERRUM
o.16 BV 6-0 VOLKSRUST
2de Span BV 0-1 PIONIER
1ste Span BV 4-1 PIONIER

FINAAL

o.14A - 2DE PLEK
o.15A - 1STE PLEK
o.16A - 5DE PLEK
1STE SPAN - 1STE PLEK

WINTERSPORT LIGA

DOGTERSHOKKIE UITSLAE

LIGA 1 VS BEN VORSTER

o.14 BV 1-1 BVOS
o.15 BV 0-0 BVOS
o.16 BV 6-1 BVOS
2de Span BV 3-1 BVOS
1ste Span BV 2-0 BVOS

LIGA 2 VS NYLSTROOM

o.14 BV 0-0 NYL
o.15 BV 2-0 NYL
o.16 BV 4-0 NYL
2de Span BV 5-0 NYL
1ste Span BV 3-0 NYL

LIGA 3 VS FRIKKIE MEYER

o.14 BV 1-0 HFM
o.15 BV 1-3 HFM
o.16 BV 5-0 HFM
2de Span BV 0-1 HFM
1ste Span BV 3-1 HFM

LIGA 4 VS STANFORD LAKE

o.14 BV 1-0 SLC
o.16 BV 2-4 SLC
1ste Span BV 1-0 SLC

LIGA 5 VS MERENSKY

o.14 BV 0-3 MLA
o.15 BV 0-3 MLA
o.16 BV 0-4 MLA
2de Span BV 0-2 MLA
1ste Span BV 1-1 MLA

LIGA 6 VS HANS STRIJDOM

o.14 BV 0-0 HS
o.15 BV 5-1 HS
o.16 BV 2-3 HS
2de Span BV 0-0 HS
1ste Span BV 2-0 HS

LIGA 7 VS HOËRSKOOL PIETERSBURG

o.14 BV 1-1 PHS
o.15 BV 2-3 PHS
o.16 BV 0-5 PHS
2de Span BV 0-6 PHS
1ste Span BV 1-2 PHS

LIMPOPO UIT SPELE

DOGTERSHOKKIE UITSLAE



O.14

SEMI-FINAAL

BV 0-2 Merensky Landbou
Akademie in 8-sekondes

FINAAL

BV 2-0 Hoërskool Hans Strijdom

ALGEHELE 3DE PLEK



2DE SPAN

SEMI-FINAAL

BV 0-2 Hoërskool Pietersburg

FINAAL

BV 1-2 Hoërskool Frikkie Meyer

ALGEHELE 4DE PLEK



1STE SPAN

SEMI-FINAAL

BV 1-2 Merensky Landbou
Akademie

FINAAL

BV 2-1 Hoërskool Frikkie Meyer
in 8-sekondes

ALGEHELE 3DE PLEK



DOKKIES HOKKIEFEES

**ONS O.14 TOT O.16 DOGTERSHOKKIESPANNE HET VAN 30 MAART TOT 1 APRIL
IN MEYERTON DEELGENEEM**

Ons o.14 tot o.16 dogtershokkiespanne het van 30 Maart tot 1 April aan die Dokkies Hokkiefees by Hoërskool Dr Malan deelgeneem, waar hulle met groot gees, deursettingsvermoë en spanwerk ons skool se naam hoog gehou het.

Die o.14-span het met uitstekende vorm begin en goeie oorwinnings behaal. Hulle wen 3–0 teen Hoërskool Dr Malan se o.15B-span en 3–1 teen Hoërskool Dr Malan se o.14B-span. Op Woensdag het hulle egter 0–2 verloor teen ons o.15-span. Hulle eindig uiteindelik in die vierde plek tydens die toernooi.

Die o.15-span het 'n taai maar waardevolle toernooi beleef. Hulle het hul eerste wedstryd met 0–0 gelykop geëindig teen Hoërskool Dinamika se o.14-span, waarna hulle in 'n noue stryd 1–0 teen 'n uitnodigingspan verloor het. Op Woensdag het die span sterk teruggeveg en met 2–0 gewen teen ons o.14-span. Die o.15's het uiteindelik 'n verdienstelike derde plek in die toernooi behaal.

Die o.16-span het deurgaans sterk vertonings gelewer en verskeie gelykopuitslae behaal. Hulle speel 0–0 teen 'n uitnodigingspan en 1–1 én 2–2 teen Hoërskool Dr Malan se tweede span. In die finaal teen Hoërskool Dr Malan het hulle hard geveg en weer 1–1 gelykop gespeel, maar ongelukkig met 8-sekondes verloor. Die o.16's eindig as naasweners van die toernooi.

'n Spesiale hoogtepunt was Lesedi Makofane wat as speler van die toernooi aangewys is – 'n welverdiende erkenning vir haar uitsonderlike vertoning regdeur die toernooi.

Ons is ongelooflik trots op al ons dogtershokkiespanne vir hul toewyding, spangees en sportmangees gedurende die Dokkies Hokkiefees.



WITWARM HOKKIE

BY MERENSKY LANDBOU AKADEMIE

Ons eerste dogtershokkiespan het vanaf 30 Maart tot 2 April deelgeneem aan die Merensky Hokkiefes by Merensky Landbou Akademie in Tzaneen, waar hulle uitsonderlike hokkie en ware spangees getoon het.

Gedurende die toernooi het ons dogters met selfvertroue en deursettingsvermoë op die veld uitgestaan en indrukwekkende oorwinnings behaal. Die uitslae spreek vanself:

- Wen 4-0 teen Hoërskool Driehoek
- Wen 6-0 teen Hoërskool Riebeeckrand
- Wen 2-0 teen Hoërskool Marais Viljoen
- Wen 6-0 teen Hoërskool Pionier
- Wen 6-0 teen Hoërskool Florida

Hierdie puik resultate bevestig die harde werk wat aan die begin van hierdie seisoen ingesit is, asook die span se toewyding aan uitnemendheid op- en van die veld af. Die spelers het met trots ons skool se naam hoog gehou en gewys dat spanwerk, dissipline en passie die sleutel tot sukses is.



'n Besondere hoogtepunt van die fees is dat sewe van ons leerlinge gekies is vir die Uitnodigingspan wat na Nederland gaan toer - 'n groot eer wat getuig van hul talent en potensiaal op internasionale vlak. Hierdie leerders is Christi Patricio, Monya van Niekerk, Jaydene Cloete, Suné Lessing, Isabel Aguinaga, Francia Meiring en Edunette Kriel.



Ons is ongelooflik trots op elke speler en afrigter wat deel was van hierdie merkwaardige week in Tzaneen. Hierdie sukses is nie net 'n oorwinning op die veld nie, maar ook 'n viering van toewyding en groei.

NEGENTIEN LEERDERS

INGESLUIT IN PROVINSIALE HOKKIESPANNE



Die Limpopo-provinsiale hokkiespanne vir die 2026-seisoen is onlangs amptelik aangekondig, en ons is uiters trots op die negentien spelers wat in die onderskeie spanne opgeneem is. Hierdie prestasie is 'n bewys van die harde werk, toewyding en deursettingsvermoë wat ons hokkiespelers op die veld toon.

In die o.14 dogtersafdeling is drie van ons spelers in die IPT-span opgeneem, naamlik Rati Mangoale, Alexia Patricio en Remmogo Mokoena. Elzané Fleischman is op haar beurt in die o.14 dogters streekspan ingesluit. Verder is Oratile Moshokane, Lebo Piitso, Mbali Masombuka en Claudene van der Merwe as nie-reisende reserves aangewys - 'n besondere prestasie wat hul potensiaal en talent onderstreep.

Leisure Matsepe is in die o.14 seuns IPT-span opgeneem, terwyl Xiahn Swart as nie-reisende reserve aangewys is.

In die o.16 dogtersafdeling het Lesedi Makofane en Zano Vazi hul plek in die streekspan verdien. Annel-Marie van der Walt en Denise van der Walt is as nie-reisende reserves gekies, wat ook hul harde werk en volgehoue prestasie erken.

Ons o.18 dogters het ook hul merk gemaak, met Christi Patricio wat vir die IPT-span gekies is. In dieselfde ouderdomsgroep is Suné Lessing, Francia Meiring, Monya van Niekerk en Jaydéne Cloete in die streekspan opgeneem.

Hierdie insluitings is 'n ongelooflike prestasie en weerspieël die hoë standaard van hokkie by Hoërskool Ben Viljoen. Om op hierdie vlak erkenning te ontvang, verg nie net talent nie, maar ook dissipline, harde werk en 'n passie vir die sport.

Baie geluk aan al ons spelers met hierdie merkwaardige prestasie. Julle maak ons trots en dien as inspirasie vir julle mede-leerders. Ons wens elkeen van julle alle sterkte toe met die voorbereidings en deelname aan die onderskeie toernooie - mag julle elke geleentheid ten volle benut en ons skool se naam met trots uitdra.

LESEDI AANGEWYS AS

O.14 IPT-TOERNOOI SKEIDSREGTER

Ons is ongelooflik trots op Lesedi Makofane wat as skeidsregter aangewys is vir die nasionale o.14 Interprovinsiale Toernooi (IPT) wat van 2 tot 6 Julie 2026 by die King Edward VII-skool in Johannesburg plaasvind.

Dié toernooi bring van Suid-Afrika se beste jong hokkiespelers byeen en bied ook aan talentvolle skeidsregters die geleentheid om hul vaardighede op nasionale vlak ten toon te stel.

Lesedi se aanstelling is 'n bewys van haar toewyding, kennis van die spel en die respek wat sy binne die hokkiegemeenskap verdien. Om by 'n IPT as skeidsregter op te tree, vereis nie net uitstekende spelbegrip nie, maar ook die vermoë om onder druk konsekwente en regverdige besluite te neem.

Hierdie prestasie is 'n besondere mylpaal en weerspieël die harde werk wat Lesedi oor die jare ingesit het om haarself as 'n bekwame skeidsregter te vestig. Ons wens haar alle sterkte toe vir die toernooi en is oortuig dat sy Hoërskool Ben Viljoen met trots sal verteenwoordig.



EERSTES SPREEK OPREGTE DANK AAN ONDERSTEUNERS



Hoërskool Ben Viljoen se eerste dogtershokkiespan het tydens hulle oefensessie voor die Limpopo-uitspele van die geleentheid gebruik gemaak om hulle opregte dankbaarheid uit te spreek teenoor die o.14 dogtershokkiespan wat hulle gedurende die seisoen ondersteun het.

Hulle het ook hulle beste wense oorgedra aan dié span wat aan die Limpopo-uitspele deelgeneem het. Die spelers het hulle sterkte toegewens en hulle aangemoedig om die geleentheid ten volle te benut, met trots die Daller-kleure te dra en alles op die veld te gee.

Ons is trots op die samehorigheid en sportgees wat tussen die verskillende hokkiespanne by Hoërskool Ben Viljoen bestaan.





NWU SKOLESPORTREEKS

SEUNSHOKKIE UITSLAE

FINAAL

JUNIORS

BV 2-0 LEEUWENHOF (MET 8-SEKONDES)

BV 1-2 FERRUM (MET 8-SEKONDES)

BV 0-1 SAREL CILLIERS

SENIORS

BV WEN WOLMARANSSTAD MET 8-SEKONDES

BV VERLOOR TEEN VRYBURG MET 8-SEKONDES

BV 0-1 VOLKSRUST

BV 0-2 LEEUWENHOF

WINTERSPORT LIGA

SEUNSHOKKIE UITSLAE

LIGA 1 VS CAPRICORN

1ste Span

BV 0-1 CAP

LIGA 2 VS WARMBAD

o.16

BV 5-3 W

1ste Span

BV 3-0 W

LIGA 3 VS MITCHELL HOUSE

o.16

BV 2-1 MH

1ste Span

BV 3-1 MH

LIGA 4 VS MERENSKY

o.16

BV 0-2 MLA

LIGA 5 VS HTS TOM NAUDE

o.16

BV 3-0 TN

LIMPOPO UITSPELE

SEUNSHOKKIE UITSLAE

O.16'S

SEMI FINAAL

BV 2-1 CURRO HEUWELKRUIN (MET 8-SEKONDES)

FINAAL

BV 1-2 MERENSKY LANDBOU AKADEMIE

1STE SPAN

SEMI FINAAL

BV 3-1 RIDGEWAY

FINAAL

BV 1-0 FRANS DU TOIT

LIMPOPO NAASWENNERS

LIMPOPO WENNERS





GHOLF



BOSVELD INTERHOËR

Op Maandag, 13 April 2026, het ons Gholf A-span deelgeneem aan die Bosveld Interhoërbyeenkoms wat by die pragtige Koro Creek Gholfbaan naby Nylstroom plaasgevind het. Die dag het groot belofte ingehou, maar uitdagende weerstoestande het gou hul tol geëis.

Weens weerlig is die byeenkoms ná slegs 9 putjies ontwrig, en moes die verrigtinge reeds teen 12:00 gestaak word. Ten spyte van die onvoorspelbare omstandighede, het ons spelers hul beste gelewes en sterk karakter op die baan getoon.

Die span het uiteindelik 'n verdienstelike algehele vyfde plek behaal. Individueel het Joe Ras 'n uitstekende netto telling van 33 aangeteken, terwyl Peter Jacquire kort op sy hakke gevolg het met 'n telling van 34. Henco Smith het 'n netto telling van 39 aangeteken, en Juan Niemann het die dag afgesluit met 'n telling van 42.

Ons is trots op elke speler se deursettingsvermoë en sportmanskap onder moeilike toestande.

GHOLF LIGA 2

Die tweede gholf ligabyeenkoms het op 4 Mei 2026, by Elements Gholfbaan in Warmbad plaasgevind. Ons A-span het uitstekend presteer en die eerste plek gedeel met Hoërskool Hans Strijdom. Henco Smith en Joe Ras het besonders goed gespeel en 'n groot bydrae tot die span se sukses gelewes.

Ons B-span het die tweede plek gedeel met Hoërskool Nylstroom, terwyl die B-afdeling deur Hoërskool Frikkie Meyer gewen is. Altus Pretorius het die hoogste IPS-punte in die B-afdeling behaal, terwyl Marnus Botha kort op sy hakke gevolg het.

Ons C-span het tweede geëindig uit die neges deelnemende skole in die C-afdeling. Bernard van Blerk het 'n besonderse goeie dag op die baan beleef en was een van die uitstaande spelers.

GHOLF

GHOLF LIGA 3

Ons gholfspane het uitstekend presteer tydens die derde ligabyeenkoms wat by Marble Hall Golfklub aangebied is.

Ons A-span het die dag gewen, met Hoërskool Hans Strijdom in die tweede plek. Henco Smith, wat deelvorm van ons A-span, het 'n uitstekende dag op die baan beleef met 'n indrukwekkende 1 onder baansyfer.

In die B-afdeling, het ons B-span ook as wenner uit die stryd getree met Hoërskool Nylstroom wat tweede geëindig het.

'n Besondere hoogtepunt van die dag was die prestasie van die Botha-broers. Marnus Botha (Graad 10) en sy broer Jovan Botha (Graad 8) was onder die top vier spelers van die dag met uitstekende Stableford-tellings van 37 punte elk.

Ons C-span het ook 'n goeie dag op die baan gehad en in die tweede plek geëindig.

Baie geluk aan Hoërskool Hans Strijdom, wat die individuele afdeling gewen het. LW Lourens van Hoërskool Hans Strijdom en ons eie Bernard van Blerk het albei uitstekende tellings van 38 Stableford-punte aangeteken.

Ons bedank graag Marble Hall Golfklub vir die puik aanbieding van die dag. Die baan was in uitstekende toestand en die gasvryheid en professionaliteit waarmee die dag aangebied is, was top klas!



JOE WEN BUSHVELD CLASSIC



Die jaarlikse Bushveld Classic Gholfdag het van 1 tot 2 Mei 2026 by die pragtige Marble Hall Gholflandgoed plaasgevind en weereens top gholftalent gelok.

Ons is besonders trots om aan te kondig dat Joe Ras, een van ons talentvolle graad 10-leerders, vir die tweede agtereenvolgende jaar as kampioen gekroon is – 'n merkwaardige prestasie wat getuig van toewyding, deursettingsvermoë en uitstekende spel.

Joe het oor dié twee dae 'n indrukwekkende netto telling van 139 aangeteken, wat hom stewig bo sy mededingers geplaas het met sy konsekwentheid en fokus op die baan.

HENGELAARS WYS HULLE STAAL TYDENS TWEEDE LIGABYEENKOMS



Die tweede ligabyeenkoms van die varswateroewerhengelliga vir hoërskole het op 19 April 2026 by die Nyl Biodiversiteitdam in Mokopane plaasgevind. Die kompetisie het weereens bewys dat Hoërskool Ben Viljoen se hengelaars onder die beste tel, met uitstekende prestasies wat deur al drie ons spanne behaal word.

Die Ben Vissers het hul goeie vorm voortgesit, waar hulle tans 'n uitstekende seisoen beleef, en as span weereens 'n algehele tweede plek behaal. Individueel het die span ook puik gevaar, met Marthinus Dreyer wat 'n indrukwekkende derde plek verwerf het.

Die Bennies-span het die kompetisie algeheel in die sewende plek afgesluit. Daar was ook individuele hoogtepunte, met Juhandrich Grundling wat 'n derde plek in die kategorie vir die swaarste sak verwerf het.

Ons dameshengelspan, die Dallers, het egter die dag oorheers met 'n sterk spanvertoning. Hulle het die algehele eerste plek ingeneem en hul staal gewys teen sterk kompetisie. Individueel het Chene Swart 'n algehele tweede plek behaal, terwyl Jenna Berry kort op haar hakke gevolg het in die derde plek. In die swaarste sak-afdeling het Chene ook 'n tweede plek verwerf, met Jenna wat die derde plek ingeneem het. Chene het boonop die meeste visse gedurende die dag gevang, met Jenna wat, in hierdie kategorie, in die tweede plek geëindig het.

Met sulke belowende resultate is dit duidelik dat die Dallers se hengelaars die 2026-seisoen met groot selfvertroue aanpak.





ANÉ INGESLUIT IN

SANSSU BJI-PRYSSKIET TOERSPAN NA BISLEY IN

ENGELAND

Die Top 80 SANSSU Proewe het vanaf 16 tot 18 April 2026 in Vryheid by die Cecil Emmet-saal plaasgevind, waar die land se beste jong skuts hul vaardighede teen mekaar gemeet het. Slegs skuts wat 'n amptelike uitnodiging vanaf SANSSU ontvang, kwalifiseer om aan hierdie gesogte proewe deel te neem – 'n bewys dat hulle onder die top 80 in hul onderskeie ouderdomsgroepe in Suid-Afrika tel.

Hierdie kompetisie is jaarliks besonders straf, met die eindtellings van deelnemers wat dikwels slegs met een of twee punte van mekaar verskil het. Tydens hierdie geleentheid word die finale spanne ook aangekondig wat Suid-Afrika later gedurende die jaar in Bisley, Engeland sal verteenwoordig.

Ons is ongelooflik trots op Ané Pretorius, een van ons talentvolle skuts, wat die voorreg gehad het om aan hierdie proewe deel te neem. Ten spyte daarvan dat sy slegs 17 jaar oud is, het sy in die o.21 ouderdomsklas deelgeneem – 'n merkwaardige prestasie op sigself.

Ané het uitstekend gevaar en 'n indrukwekkende 22ste plek in die hele Suid-Afrika behaal, met 'n eindtelling van 1425 uit 'n moontlike 1600 punte. Haar harde werk en deursettingsvermoë het vrugte afgewerp toe sy ook verkies is tot die SANSSU BJI-toerspan wat vanaf 10 tot 22 Augustus 2026 in Engeland gaan deelneem.

Hierdie prestasie is nie net 'n groot eer vir Ané nie, maar ook vir die skool en gemeenskap. Ons wens haar alle sterkte toe met die voorbereidings en is oortuig dat sy Suid-Afrika met trots sal verteenwoordig op die internasionale verhoog.



PRYSSKIET

**Prysskiet 3 het op
24 en 25 April 2026 by
HTS Middelburg plaasgevind,
waar ons skuts weereens hul
staal gewys en uitstekende
prestasies behaal het.**

Die uitslae van elke ouderdomsgroep is
as volg:

o.14:

1. Zak Schambriel – 773 uit 1600

o.16:

1. Danelle van Wyk – 1189 uit 1600

2. Lizemari Erasmus – 1176 uit 1600

3. Reghard Grobler – 1094 uit 1600

4. Daniël Cross – 1025 uit 1600

5. Devin Steenkamp – 891 uit 1600

o.21:

1. Ané Pretorius – 1429 uit 1600

2. Caylin Sadie – 1310 uit 1600

3. Chrismari Erasmus – 1255 uit 1600

4. Alicia Cross – 1034 uit 1600

**Prysskiet 4 het op 15 en 16 Mei
2026 by Hoërskool Rob
Ferreira, in Witrivier,
plaasgevind, en ons skuts het
weereens hul staal gewys en
uitstekende prestasies behaal
het.**

Die uitslae van elke ouderdomsgroep is
as volg:

o.14:

Zak Schambriel – 1014 uit 1600

o.16:

Tiago Fernandes – 1328 uit 1600

Lizemari Erasmus – 1246 uit 1600

Danelle van Wyk – 1234 uit 1600

Daniël Cross – 1124 uit 1600


Reghard Grobler – 1106 uit 1600

o.21:


Ané Pretorius – 1411 uit 1600

Caylin Sadie – 1381 uit 1600

Chrismari Erasmus – 1302 uit 1600



PRYSSKIET



Hoërskool Ben Viljoen se skuts het op 29 en 30 Mei 2026 aan Prysskiet 5 deelgeneem, wat op ons tuisbodem aangebied is. Die kompetisie het weereens aan ons leerders die geleentheid gebied om hul konsentrasie, selfdissipline en skietvernuf te toets, en die Dallers het uitstekend gevaar.

Die uitslae van elke ouderdomsgroep is as volg:

o.14:

1. Zak Schambriel – 1066 uit 1600;
2. Savannah Grimbeek – 1028 uit 1600;
3. Owen Snygans – 903 uit 1600.

o.16:

1. Tiago Fernandes – 1272 uit 1600;
2. Lizemari Erasmus – 1236 uit 1600;
3. Danelle van Wyk – 1207 uit 1600;
4. Reghard Grobler - 1097 uit 1600;
5. Devin Steenkamp – 913 uit 1600.

o.21:

1. Ané Pretorius – 1463 uit 1600;
2. Caylin Sadie – 1351 uit 1600;
3. Chrismari Erasmus – 1317 uit 1600.

LANDLOOPSEISOEN GOED OP DREEF

Die landloopseisoen het amptelik op Saterdag, 18 April 2026, afgeskop met die eerste ligabyeenkoms wat by Olifant Oasis in Naboomspruit plaasgevind het.

Atlete van regoor die streek het hul beste geweer, en ons atlete het dadelik gewys dat hulle gereed is vir die seisoen wat voorlê.

Ten spyte van sterk kompetisie, het ons atlete uitstekende deursettingsvermoë en vasberadenheid getoon, waar hulle besonders goed gevaar het en hul plekke onder die voorste atlete in hul onderskeie ouderdomsgroepe bevestig het.

Die volgende uitslae is behaal:

- o.14 Dogters: Elianah Simelane – 11de plek
- o.15 Dogters: Shiniska du Plessis – 13de plek
- o.16 Dogters: Lethabo Mogale – 10de plek
- o.16 Seuns: Puti Mathibe – 16de plek
- o.17 Seuns: Neo Makhonza – 10de plek
- o.19 Seuns: Omphile Tshikane – 'n uitstekende 2de plek

Omphile Tshikane se tweede plek is 'n besonderse hoogtepunt van die dag en getuig van harde werk en toewyding.

Baie geluk aan al ons landlopers met julle prestasies. Hierdie is 'n belowende begin vir die seisoen, en ons sien uit na nog puik vertonings in die komende byeenkomste. Sterkte aan elkeen van julle vir die res van die landloopseisoen!



LEEYAH PRESTEER BY SANESA KWALIFISEERDER



Leeyah Bhikhoo Rahim het aan die SANESA Kwalifiseerder deelgeneem wat by Ranch Resort aangebied is. Sy het met haar twee perde, Rathmore Baronne en Midnight Blue, uitstekende prestasies gelewer.

Met haar indrukwekkende uitslae oor die verskeie dissiplines het Leeyah se harde werk, toewyding en passie vir perdesport het duidelik geblyk.

Haar uitslae was as volg:

- 1ste plek – Performance Riding
- 1ste plek – Working Riding
- 2de plek – Show Jumping A
- 1ste plek – Show Jumping B
- 1ste plek – Equitation
- 2de plek – Dressage A
- 1ste plek – Dressage B
- 1ste plek – Prix Caprilli A
- 1ste plek – Prix Caprilli B

Hierdie uitstekende prestasie getuig van Leeyah se deurstellingsvermoë, talent en die sterk band tussen ruiter en perd. Ons is ongelooflik trots op haar prestasies en wens haar alle sterkte toe vir die res van die SANESA-seisoen.

ODETTE PRESTEER

BY NASIONALE SKOLE SPORT SWEMKAMPIOENSKAPPE

Odette Upton het vanaf 23 tot 27 April 2026 aan die gesogte Nasionale Skole Sport Swemkampioenskappe deelgeneem, wat vanjaar by die Universiteit van die Wes-Kaap aangebied is. Hierdie kampioenskappe bring jaarliks die land se top skoleswemmers bymekaar om hul talent in die swembad te wys en teen die beste van die beste mee te ding.

Odette het haar uitstekend van haar taak gekwyd en indrukwekkende uitslae behaal in verskeie items. Sy het 'n 4de plek in die 50m vryslag behaal en was net-net van 'n podiumplek geskei. In die 50m vlinderslag en 100m vryslag het sy beide 5de plekke ingeneem, terwyl sy ook 'n 7de plek in die 100m vlinderslag en 200m vryslag behaal het. In die uitdagende 200m individuele wisselslag het Odette 'n verdienstelike 9de plek losgeswem.

Hierdie prestasies getuig van harde werk, deursettingsvermoë en 'n ware passie vir swem. Om op nasionale vlak teen die land se beste te kompeteer en sulke uitslae te behaal, is 'n merkwaardige prestasie.



DALLERS

AANGEWYS AS SPELERS VAN DIE WEDSTRYD TYDENS NYLSTROOMLIGAWEDSTRYD

Baie geluk aan ons spelers wat tydens die wedstryde teen Hoërskool Nylstroom as Spelers van die Wedstryd aangewys is. Julle harde werk, deursettingsvermoë en uitstekende sportmanskap op die veld het beslis nie ongesiens verbygegaan nie.

Elke speler het met trots die Dallernaam uitgedra en bewys dat toewyding en spanwerk groot sukses bring. Ons is ongelooflik trots op julle prestasies en sien uit na nog baie hoogtepunte hierdie seisoen.



• SJ Rautenbach



• Monya van Niekerk



• CJ Groesbreek



• Chanté van Staden



• Mieke du Toit



• Jac-Johan Gouws

Kultur



ENGELSE REDENAARSKOMPETISIE



Die Engelse Redenaarskompetisie het tydens die tweede kwartaal in ons personeelkamer plaasgevind en het weereens bewys dat ons leerders oor besondere redenaarsvernuf beskik. Met goed voorbereide toesprake en sterk standpunte het deelnemers hulself met selfvertroue en oortuiging uitgedruk.

Die junior sprekers het uitdagende temas soos mentor, "weed" (onkruid) en "tendency" (tendens) aangepak. Elkeen het die geleentheid benut om kreatief te dink en hul eie perspektiewe te deel. Die senior deelnemers het op hul beurt hul beredeneringsvaardighede ten toon gestel met temas soos "postscript" (naskrif), "risk" (risiko) en "polemic" (polemie), en het diepgaande insigte gebied.

Wat hierdie kompetisie besonders gemaak het, was die wyse waarop elke spreker hul onderwerp benader het – met eerlike, vars en soms verrassende perspektiewe deur die oë van 'n tiener.

Uitslae:

Juniors:

1. Jessica Nwadike
2. Reatile Kgaphola
3. Loti Ledwaba

Seniors:

1. Blessing Ratau
2. Theto Tlomatsana
3. Moshopiadi Nchabeleng (afwesig op die foto)



KJ LEEF VIR DIE VERHOOG


KJ Briel, een van ons huidige graad 11-leerders, het vanjaar sy talent gewys toe hy aan die ATKV se DigiToneel deelgeneem het met die stuk *My Skaduwee*, geskryf deur Inamari.

Die produksie volg die verhaal van Christo, 'n tienerseun wat tydens 'n sessie in 'n sielkundige se kantoor sy storie begin deel. Hy vertel van 'n skaduwee wat met hom praat - 'n konsep wat aanvanklik soos blote verbeelding klink. Soos die verhaal ontvou, raak die skaduwee egter al hoe meer intens en persoonlik. Dit word duidelik dat dit die stem van veroordeling en selftwyfel verteenwoordig, wat Christo se gedagtes begin oorheers. In sy stryd om hierdie innerlike stem te hanteer, moet hy ook veg om sy eie waarde en identiteit te bevestig.

KJ het met sy deelname indrukwekkende uitslae ontvang. Hy verwerf 'n silwer toekenning vir sy spel, asook 'n brons vir redigering. Die produksie as geheel is ook bekroon met 'n silwer toekenning, wat die hoë gehalte van die werk beklemtoon.

Hierdie prestasies is 'n bewys van KJ se toewyding, kreatiwiteit en groei in die uitvoerende kunste, en plaas hom stewig op die pad van verdere ontwikkeling in drama en teater.



A movie poster with a warm, golden-brown color palette. The background is a close-up of a gravelly surface. In the upper left, a person's hand is visible, resting on their leg. A long, dark shadow of a lizard is cast across the gravel from the left. The title 'MY SKADUWEE' is written in large, white, sans-serif capital letters. Below it, the same title is repeated in smaller, dark, sans-serif capital letters. The director's name 'KJ BRIEL' is centered below that. In the bottom right corner, the text 'TEKS EN REGIE INAMARI' is written in white, sans-serif capital letters.

MY SKADUWEE

MY SKADUWEE

KJ BRIEL

TEKS EN REGIE

INAMARI

BRONS VIR LEHANI TYDENS DIGITONEEL


Lehani Benade, een van ons talentvolle graad 11-leerders, het vanjaar haar merk gemaak in die kunste toe sy aan die ATKV se DigiToneel deelgeneem het met die aangrypende stuk Rapsodie tussen die Rakke, geskryf deur Inamari.

Die produksie vertel die storie van 'n sestienjarige meisie wat haarself tussen die stil rakke van 'n biblioteek bevind, waar sy haar innerlike wêreld deur middel van kletsrym begin uitdruk. Die verhaal neem die gehoor op 'n emosionele reis – van die pyn van familie se afwesigheid en persoonlike teleurstellings, tot die troos en inspirasie wat sy vind in boeke, anime en mites. Uiteindelik ontdek sy haar eie unieke stem – 'n kragtige mengsel van chaos, drome en oorwinning.

Lehani se vertolking het nie net diepte en oortuiging getoon nie, maar ook haar vermoë om 'n komplekse karakter met sensitiwiteit en energie tot lewe te bring. Haar harde werk en toewyding is beloon toe sy 'n brons toekenning vir haar spel ontvang het.

Daarbenewens is die produksie as geheel ook met 'n brons toekenning bekroon – 'n bewys van die hoë gehalte en kreatiewe uitnemendheid van die stuk.

Ons is trots op Lehani se prestasie en sien uit daarna om saam met haar nog vele suksesse op die verhoog te beleef.



Hiermee word erkenning gegee aan

Lehani Benade

vir **spel** tydens die ATKV-DigiToneelkompetisie.

April 2026




Gerrie Lemmer
Uitvoerende hoof: Kultuur

A woman with dark hair, wearing a pink and red striped shirt, is lying down with her head tilted back and eyes looking upwards. She is surrounded by a large pile of books and magazines. Some visible titles include 'TEARS OF THE RENEGADE', 'HARRY POTTER', 'JACK KILLER', 'EXOCET', 'OUTLAWS', 'HILGINS', 'HICK', 'THE SPIDER'S WEB', and 'THE HUNTER'. The scene is a close-up, focusing on the woman and the surrounding literature.

deur: Inamari
konsep: Lehani

apsodie tussse
die rakke

KIARA 'N UITSTEKENDE REGISSEUR

Kiara du Toit, een van ons talentvolle graad 11-leerders, het vanjaar haar kreatiwiteit en leierskap ten volle ten toon gestel tydens die ATKV DigiToneel-kompetisie. Sy is beloon met 'n brons toekenning vir haar uitstekende regiewerk met die produksie Rapsodie tussen die Rakke.

Hierdie produksie, geskryf deur Inamari, met Lehani Benade in die hoofrol, vertel die storie van 'n sestienjarige meisie wat haarself tussen die stil rakke van 'n biblioteek bevind, waar sy haar innerlike wêreld deur middel van kletsrym begin uitdruk. Kiara se vermoë om die teks te interpreteer en haar visie duidelik oor te dra aan haar span, het haar onderskei as 'n belowende jong regisseur.

Hierdie prestasie is nie net 'n bewys van Kiara se talent nie, maar ook van haar harde werk, toewyding en passie. Om op hierdie vlak erkenning te ontvang, is 'n merkwaardige mylpaal en spreek boekdele van haar potensiaal in die kunswêreld.

Ons is uiters trots op Kiara se prestasie en sien uit na nog vele suksesse wat voorlê.



Hiermee word erkenning gegee aan

Kiara De Toit


vir **regie** tydens die ATKV-DigiToneelkompetisie.

April 2026




Gerrie Lemmer
Uitvoerende hoof: Kultuur

LEERDERS DEUR NA DIE SEMI-FINAAL VAN DIE ATKV REDENAARSKOMPETISIE



Na afloop van die eerste rondte van die ATKV Redenaarskompetisie, wat op 16 April 2026 by Hoërskool Nylstroom plaasgevind het, is Hoërskool Ben Viljoen trots om aan te kondig dat tien van ons leerders deurgedring het na die semi-finaal wat op 15 Mei 2026, ook by Hoërskool Nylstroom, plaasgevind het.

Hierdie prestasie getuig van hulle toewyding en harde werk. Ons leerders het nie net hulself onderskei in hul taalgebruik en redeneervermoë nie, maar ook as waardige ambassadeurs van ons skool opgetree.

Die volgende leerders het deurgedring:

Gr. 8 & 9 Huistaal – Voorbereid:

Cari Kotzé

Gr. 8 & 9 Huistaal – Onvoorbereid:

Cari Kotzé

Lanél Coetzee

Gr. 8 & 9 Eerste Addisionele Taal – Voorbereid:

Aneena Mathew

Princess Moema

Gr. 10–12 Huistaal – Voorbereid:

Elsje de Bruin

Jaco van der Westhuyzen

JG Kruger

Gr. 10–12 Huistaal – Onvoorbereid:

Anika Pruis

Gr. 10–12 Eerste Addisionele Taal – Voorbereid:

Blessing Ratau

Tumi Makola (Mphahlele)

Ons is ongelooflik trots op elke leerder wat deelgeneem het, en veral op dié wat deurgedring het na die volgende ronde. Julle volharding en selfvertroue is 'n inspirasie vir ons hele skoolgemeenskap.

ANEENA NA ATKV REDENAARS FINAAL!

Ons is ongelooflik trots op ons redenaars wat uitstekende prestasies tydens die ATKV Redenaars semifinaal behaal het. Hierdie leerders het met selfvertroue, deeglike voorbereiding en uitstekende redenaarsvernuif die Dallernaam hoog gehou en bewys dat harde werk en toewyding beloon word.

Die uitslae was as volg:

Graad 8 & 9 Afrikaans Huistaal Onvoorbereid
6de plek – Cari Kotzé
8ste plek – Lanél Coetzee

Graad 8 & 9 Engels Addisionele Taal Voorbereid
2de plek – Aneena Mathew (kwalifiseer vir die Landsfinaal!)
8ste plek – Princess Moema

Graad 10 – 12 Afrikaans Huistaal Voorbereid
5de plek – Jaco van der Westhuyzen
7de plek – Elsje de Bruin

Graad 10 – 12 Afrikaans Huistaal Onvoorbereid
6de plek – Anika Pruis

'n Besondere woord van gelukwensing gaan aan Aneena Mathew wat met haar tweede plek deurdring na die ATKV Redenaars Landsfinaal – 'n merkwaardige prestasie waarop die hele Ben Viljoen-gemeenskap ongelooflik trots is.

Elke leerder wat aan die semifinaal deelgeneem het, het die Dallernaam met trots uitgedra. Julle uitstekende prestasies getuig nie net van talent en harde werk nie, maar weerspieël ook die karakter, deursettingsvermoë en toewyding wat deelvorm van die Ben Viljoen-kultuur.



Skool nuns



DALLERS VIER HEMELVAART



Baie dankie aan Pastoor Jan-Hendrik Kotze, van Every Nations Church, wat die Hemelvaartsdiens in ons skoolsaal behartig het.

Mag ons elke dag opnuut besef dat Jesus Christus 'n werklikheid is en dat Sy Gees ons elke sekonde van dag en nag lei.

Mag ons almal stil word en tyd neem om aan Hom te dink.

'Gaan en maak dissipels van mense van al die lande. Leer hulle alles wat ek vir julle geleer het, en doop hulle.' Toe het hy hulle belowe: *'Onthou, ek sal altyd saam met julle wees.'*



U-TURN JEUGWEEK

U-Turn Jeugweek, wat gedurende Mei plaasgevind het, het op 'n hoogtepunt afgesluit met 'n kragtige en inspirerende Aanbiddingsaand wat deur talle jongmense bygewoon is. Die week was gevul met geloofsverdieping, opbouwende boodskappe, lofprijsing en geestelike groei, en die afsluitingsgeleentheid was 'n gepaste viering van alles wat gedurende die week beleef is.

Die hoogtepunt van die aand was die optrede deur One Crown, die bekende Christelike rockgroep van Potchefstroom, wat met hul energieke musiek en kragtige geloofsbodskap die gehoor diep geraak het. One Crown is reeds vir jare bekend vir hul unieke styl waarin moderne rockmusiek gekombineer word met sterk Christelike waardes en boodskappe van hoop, redding en geloof. Die groep het oor die jare verskeie toekennings ontvang en is bekend daarvoor dat hulle hul musiek as 'n bediening sien eerder as bloot vermaak.

Van die eerste noot af was die atmosfeer gevul met opgewondenheid en aanbidding. Jongmense het saam gesing en die geleentheid gebruik om hul geloof openlik uit te leef. Die groep se passievolle optrede en opregte getuigenisse tussen liedjies deur het 'n diep indruk op almal gemaak. Die boodskap van God se liefde, genade en teenwoordigheid het duidelik deur elke lied en woord gestraal.

Die aand het nie net oor musiek gegaan nie, maar oor die skep van 'n ruimte waar jongmense hul harte kon oopmaak en nader aan God kon beweeg. Baie van die leerders het die geleentheid ervaar as 'n tyd van vernuwing, bemoediging en geestelike inspirasie.

U-Turn Jeugweek het deurgaans gefokus op die belangrikheid daarvan om jongmense toe te rus met geloof, hoop en waardes wat hulle in hul daaglikse lewens kan uiteleef. Die sukses van die week is te danke aan elke spreker, organiseerder en jong mens wat deelgeneem het en bygedra het om die geleentheid so spesiaal te maak.



FLITS FEIT

DIE GESIG AGTER ONS SKOOLIED SE TOONSETTING: ME ANNA RUDOLPH (9 APRIL 1924 – 2 SEPTEMBER 1995)

Ons skoolied is vir baie leerders en oud-leerders meer as net 'n melodie – dit is 'n simbool van trots en tradisie. Min mense besef egter wie die talentvolle komponis agter hierdie bekende toonsetting was. Ons werp graag lig op die besonderse lewe en nalatenskap van Me Anna Rudolph.

Die skoolied, soos ons dit vandag ken, is reeds op 8 Augustus 1960 vir goedkeuring voorgelê. Die toonsetting is deur Me Anna Rudolph gedoen, terwyl die lirieke geskryf is deur haar man, Mnr C.F. (Coenie) Rudolph, 'n oud-onderwyser wat vanaf 1947 tot 1952 aan die skool verbonde was, maar ook bekend was as digter en skrywer. Hierdie samewerking tussen man en vrou het 'n tydlouse lied opgelewer wat vandag nog met trots gesing word.

Op 9 April 2026 – die dag waarop Me Rudolph haar verjaarsdag sou vier – het die Vriende van NALN-Facebookblad 'n insiggewende artikel oor haar gedeel. Dit herinner ons weer aan die diep spore wat sy in die Afrikaanse kultuurlandskap getrap het.

Baie van ons ken liedjies soos “Oom Jan sny koring op die land” en “Môre juffrou, môre klas” – liedjies wat oor jare heen soos vrolike dwarrelwinde deur skoolsale en klaskamers weerklink het. Tog weet min mense dat dit juis Me Anna Rudolph is wat hierdie geliefde liedjies getoonset het. Haar musiek, saam met haar kinderverhale en plate, het 'n blywende indruk op generasies Suid-Afrikaners gemaak.

Anna Lemmer Badenhorst Rudolph is op 9 April 1924 in Potchefstroom gebore. Haar ouers, Hans en Wesseline Swart, was beide onderwysers met 'n groot liefde vir drama, toneel en musiek. Dit is dus geen verrassing dat Anna haar natuurlike talente in sang, komposisie en skryfwerk verder ontwikkel het nadat sy as onderwyseres aan die NKP gekwalifiseer het nie.



Haar kreatiewe nalatenskap is indrukwekkend en uiteenlopend. Sy het sangbundels, libretto's, eenbedrywe, plate vir kinders en volwassenes, verskeie skoolliedere, 'n ligte roman en talle kinderverhale geskep. Een van haar bekendste werke is die bekroonde klug “Bye om 'n Aster” (1967) (V.P., 1967)

Vanaf 1960 het Rudolph besonder aktief begin skryf en komponeer. Sy het self gesê:

“Ek sal, DV, nooit ophou nie. Dis my groot liefde. En wat jy met liefde in die hart van 'n kind plant, hou nooit op groei nie.”


Hierdie woorde weerspieël haar passie vir kinders en haar diep oortuiging dat musiek en stories 'n blywende invloed het.

In 'n onderhoud het sy vertel hoe oom Hendrik Kruger, 'n klavierstemmer, 'n groot rol in haar ontwikkeling gespeel het. Met sy fyn aanvoeling vir kinders en sy opregte belangstelling in haar werk, het hy haar gehelp om meer struktuur en vorm aan haar liedjies te gee. Tog was inspirasie vir haar nooit 'n probleem nie – volgens haar was haar gedagtes en idees só vol dat sy eerder moes “stoei om genoeg tyd te vind om alles uit te kry!”. (Taalgenoot 1995 64(9) p. 24)

Benewens haar individuele werk, het sy ook saam met haar seun, Kobus Rudolph, opgetree op sy radiostasie, Radio Rippel (90.05 FM) in Pretoria en Verwoerdburg (vandag bekend as Centurion).

Me Anna Rudolph se nalatenskap leef vandag nog voort – nie net in die liedjies wat kinders sing nie, maar ook in elke noot van ons eie skoolied. Haar werk herinner ons daaraan dat dit wat met liefde geskep word, generasies lank bly voortleef.

*Die Engelse gedeelte van die skoolied is in 2002 bygevoeg



TWEE DALLERS

SLAAG DISTRIK B+ NETBALSKEIDSREGTERSGRADERING

Gedurende die tweede kwartaal het Katinka Wessels en Livey van Blerk hulle distrik B+ netbalskeidsregtersgradering suksesvol voltooi.

Hierdie prestasie is 'n bewys van hul harde werk, deursettingsvermoë en toewyding tot die sport.

Mag hierdie gradering vir julle die motivering wees om nog hoër hoogtes te bereik.



FLIEKAAND

TEN BATE VAN DIE HOKKIEFONDS

Op 6 Mei 2026, het ons o.16-hokkiedogters 'n fliekaand aangebied as deel van een van hulle fondsinsamelingsprojekte. Die aand was gevul met opgewondenheid, heerlike versnaperinge en goeie geselskap terwyl leerders saam die aksiebelaaide rolprent Greenland gekyk het.

Die atmosfeer was warm en vrolik, met geselligheid wat onder die leerders geseëvier het. Hierdie fondsinsameling het nie net bygedra tot die dogters se hokkiefonds nie, maar ook die waarde van samehorigheid en ondersteuning binne ons skoolgemeenskap beklemtoon.

Baie dankie aan elke leerder en ouer wat gehelp het om die aand 'n sukses te maak. Julle betrokkenheid en entoesiasme maak 'n groot verskil en dra by tot die groei van ons hokkiefamilie. Ons sien uit na nog vele sulke onvergeetlike oomblikke saam!



DALLERS VERTREK OP OPWINDENDE VIRTUELE SAFARI



Ons graad 8- tot 12-leerders het gedurende die tweede kwartaal die geleentheid gehad om op 'n unieke en opwindende avontuur te vertrek – nie per bus of vliegtuig nie, maar deur middel van tegnologie! Met die aanbieding van VR-Education se safari-program het hulle 'n virtuele safari beleef wat hulle diep na die hart van Afrika se wildlewe geneem het.

Deur die gebruik van verstommende 360-grade Virtuele Realiteit het die natuur letterlik om hulle lewendig geword.

Leerders kon van naby kennis maak met Afrika se mees manjifieke diere – van die majestueuse Groot Vyf tot die indrukwekkende, hoog reikende kameelperde. Hulle het ook die kragtige en soms gevaarlike kant van die natuur beleef met die aanskou van krokodille en die berugte seekoeie.

Hierdie innoverende leerervaring het nie net kennis uitgebrei nie, maar ook nuuskierigheid en waardering vir ons kontinent se unieke biodiversiteit aangewakker. Dit is 'n bewys dat leer nie tot die klaskamer beperk hoef te wees nie – met tegnologie kan die wêreld werklik binne bereik kom.

Ons sien uit na nog sulke opwindende en verrykende ervarings wat leer op 'n nuwe vlak neem!



AFRIKAANSE “DIGTERS” BOU SELFVERTROUW



Met groot opgewondenheid het die jaarlikse tradisie van die voorlees van gedigte weer in die Afrikaanse Graad 8-Huistaalklasse plaasgevind. Ons Graad 8's het die geleentheid gekry om hul voordragvaardighede ten toon te stel deur verskillende gedigte met selfvertroue en entoesiasme vir die klas voor te dra.

Hierdie unieke tradisie het oor die jare 'n hoogtepunt in die Afrikaanse klasse geword, aangesien dit nie net taalvaardigheid ontwikkel nie, maar ook leerders aanmoedig om hul kreatiwiteit en persoonlikheid uit te leef. Vanjaar was dit geen uitsondering nie. Die klasse was gevul met energie, humor en kreatiewe uitdrukkings terwyl die leerders hul voordragte gelewer het.

Wat hierdie jaar se voordragte nóg meer spesiaal gemaak het, was die feit dat verskeie van die gedigte deur die leerders self geskryf is. Hierdie oorspronklike skeppings het gewys hoeveel talent en verbeelding onder ons Graad 8's skuil. Sommige gedigte het humoristiese stories vertel wat die klas laat skaterlag het, terwyl ander weer diep emosies en persoonlike ervarings uitgebeeld het. Dit was duidelik dat elke leerder trots was op hul werk en die geleentheid waardeur het om dit met hul maats te deel.

Die voordragte het ook vir baie leerders die kans gebied om uit hul gemaksones te tree en selfvertroue voor 'n gehoor te ontwikkel. Deur middel van stemgebruik, gesigsuitdrukkings en dramatiese vertolkings het die leerders die gedigte lewendig gemaak en bewys dat Afrikaans nie net 'n vak is nie, maar ook 'n taal waarin mens kreatief kan dink, droom en skep.



GROBLERSDAL MALL

BESOEK ONS GRAAD 12-LEERDERS

Ons Graad 12-leerders het 'n bemoedigende besoek ontvang toe verteenwoordigers van Groblersdal Mall by die skool kom kuier het om hulle alle sterkte toe te wens met die Mei/Junie eksamen. Hierdie mooi gebaar van ondersteuning en aanmoediging het 'n groot indruk op ons matrieks gemaak en hulle herinner dat die gemeenskap saam met hulle stap gedurende hierdie belangrike tyd in hul skoolloopbaan.

Die matriekjaar bring baie uitdagings, harde werk en lang ure van voorbereiding mee. Daarom beteken dit soveel wanneer plaaslike ondernemings en gemeenskapslede hul ondersteuning wys en tyd maak om ons leerders aan te moedig. Die besoek van Groblersdal Mall het nie net glimlagte op die leerders se gesigte gebring nie, maar het ook 'n gevoel van motivering en selfvertroue geskep net voor die eksamen begin.

Ons is opreg dankbaar teenoor Groblersdal Mall vir hul betrokkenheid by ons skool en vir die belangstelling wat hulle in die welstand en sukses van ons leerders toon. Gebare soos hierdie wys hoe belangrik samewerking tussen skole en die gemeenskap is, en hoe dit 'n positiewe invloed op jongmense se lewens kan hê.



DALLERS VIER FAMILIEDAG



Met Internasionale Familiedag wat op 15 Mei 2026 wêreldwyd gevier word, het ons Bevonkte ATKV Jeugtak die geleentheid op 'n betekenisvolle wyse aangegryp om die waarde van familie, verbondenheid en samehorigheid onder leerders te vier en te versterk.

As deel van hierdie spesiale vieringe het die Jeugtak deur die loop van die week daaglik tydens opening interessante en betekenisvolle idioome met die leerders gedeel. Hierdie idioome het spesifiek gefokus op temas soos familie, ondersteuning, lojaliteit en die belangrikheid daarvan om saam te staan deur elke uitdaging en oorwinning. Deur hierdie kreatiewe inisiatief is taal op 'n prettige en interaktiewe wyse bevorder, terwyl waardevolle lewenslesse terselfdertyd met die leerders gedeel is.

Die doel van die projek was nie net om die Afrikaanse taal verder te verryk nie, maar ook om jongmense bewus te maak van die belangrike rol wat familie en gemeenskap in elke persoon se lewe speel. Elke idioom het 'n dieper boodskap gedra - dat mense sterker staan wanneer hulle mekaar ondersteun, respekteer en saamwerk.

By ons leef hierdie waardes daaglik voort. Ons glo vas dat familie nie altyd deur bloed bepaal word nie, maar ook gevorm word deur die mense wat saam met jou groei, jou aanmoedig en jou ondersteun om elke dag jou beste te wees. Onderwysers, personeel, ouers en leerders vorm saam 'n hegte gemeenskap waar elke individu welkom voel en deel word van die groter Ben Viljoen-familie.

Hierdie viering het weereens bevestig dat die trots van 'n ware Dallerhart diep gewortel is in die waardes van omgee, ondersteuning en eenheid. Dit is juis hierdie verbondenheid wat ons besonders maak - 'n plek waar leerders nie net akademies ontwikkel nie, maar ook emosioneel en sosiaal groei binne 'n veilige en ondersteunende omgewing.

Ons is verder trots daarop dat baie van ons alumni se kinders vandag self deel vorm van die Hoërskool Ben Viljoen-familie. Hierdie generasieband beklemtoon die unieke karakter van ons skool as 'n ware generasieskool waar tradisies, waardes en trots van een geslag na die volgende oorgedra word.

Internasionale Familiedag het dus nie net die belangrikheid van familie gevier nie, maar ook die unieke band tussen almal wat deel is van die Ben Viljoen-gemeenskap. Dit het opnuut gewys dat familie baie vorme aanneem - en by ons is elke leerder, ouer en personeelid deel van een groot uitgebreide familie.



DALLERS VIER INTERNASIONALE TEE-DAG



Ons Bevonkte ATKV Jeugtak het op 21 Mei 2026 Internasionale Teedag gevier. Hierdie dag word wêreldwyd gebruik om die kulturele waarde, geskiedenis en sosiale betekenis van tee te erken, asook om mense saam te bring deur eenvoudige oomblikke van geselligheid en samesyn.

Die viering op ons skoolterrein het 'n warm en feestelike atmosfeer geskep waar personeel die geleentheid gehad het om saam tee te geniet en meer te leer oor die rol wat tee oor die eeue heen in verskillende kulture gespeel het. Van tradisionele rooibostee tot geurige kruietee – daar was iets vir elkeen om te geniet.

Met hierdie viering, het die Bevonkte ATKV Jeugtak fokus geplaas op die belangrike rol wat tee in verskeie sosiale omgewings speel. In 'n besige skoolomgewing bied oomblikke soos hierdie vir personeel die kans om 'n bietjie stadiger te leef, nuwe herinneringe te skep en verhoudings te versterk.

Die Bevonkte ATKV Jeugtak speel voortdurend 'n belangrike rol in die bewusmaking van spesiale internasionale dae onder leerders en personeel. Internasionale Teedag was nog 'n bewys van hoe klein gebare en eenvoudige tradisies mense nader aan mekaar kan bring.



Personneel nuns



UNICHOICE BORG NUWE PERSONEELHEMDE



**Ons spreek graag ons opregte dank en waardering aan
Unichoice vir die ruim borgskap van ons pragtige
personeelhemde.**

Hierdie bydrae is vir ons personeel meer as net 'n uniformitem – dit simboliseer eenheid, trots en verbondenheid. Die hemde word met groot waardering gedra en verteenwoordig nie net ons skool nie, maar ook die sterk vennootskap tussen die skool en die gemeenskap.

Dit is vir ons 'n groot voorreg om met trots Unichoice se naam te dra en terselfdertyd te ervaar hoe die gemeenskap saam met ons stap en aktief bydra tot die groei en ontwikkeling van ons skool.

Ons waardeer hierdie gebaar opreg en sien uit na verdere samewerking in die toekoms. Baie dankie, Unichoice, dat julle deel is van die Ben Viljoen-familie.

MNR JOHAN VREUGDENBURG

VERWERF B.ED SENIOR FASE EN VOO-ONDERRIG-GRAAD

Baie geluk aan Mnr Johan Vreugdenburg wat op 14 April 2025 sy B.Ed-graad in Senior Fase en VOO-onderdig suksesvol verwerf het aan die Noordwes-Universiteit (NWU Pukke).

Hierdie besondere prestasie is 'n bewys van sy harde werk, deursettingsvermoë en toewyding tot die onderwysberoep. Om 'n kwalifikasie van hierdie aard te voltooi, verg nie net akademiese vermoë nie, maar ook 'n diep passie vir die ontwikkeling en begeleiding van jongmense.

Ons is ongelooflik trots op hierdie mylpaal en vertrou dat dit die begin is van 'n betekenisvolle en vervullende loopbaan in die onderwys. Mag die pad vorentoe geseënd wees met talle geleenthede, groei en sukses, en mag u 'n blywende verskil in die lewens van al u leerders maak.



ME CARLA SNYMAN

VERWERF B.ED SENIOR FASE EN VOO-ONDERRIG-GRAAD

Ons wil graag Me Carla Snyma van harte gelukwens met die suksesvolle voltooiing van haar B.Ed-graad in Senior Fase en VOO-onderdig aan die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) op 8 Junie 2026.

Hierdie prestasie getuig van harde werk, deursettingsvermoë en toewyding tot die onderwysberoep. Om 'n akademiese kwalifikasie van hierdie aard te voltooi, verg opoffering, dissipline en 'n passie vir die ontwikkeling van jong mense.

Ons is ongelooflik trots op hierdie mylpaal en vertrou dat dit die begin is van 'n betekenisvolle en vervullende loopbaan in die onderwys. Mag die pad vorentoe geseënd wees met talle geleenthede, groei en sukses, en mag u 'n blywende verskil in die lewens van al u leerders maak.



ONS VERWELKOM

TWEE NUWE PERSONEELLEDE BY DIE WENSPAN

Hoërskool Ben Viljoen was opgewonde om twee nuwe personeellede gedurende die tweede kwartaal by ons skoolgemeenskap te verwelkom. Hierdie aanstellings bring vars energie, kundigheid en entoesiasme na ons terrein, en ons sien uit na die positiewe impak wat hulle op ons leerders en akademiese omgewing gaan hê.

Me Delanie Kruger, 'n trotse alumnus van Hoërskool Ben Viljoen, het by die Besigheidstudiesdepartement aangesluit. Haar terugkeer na haar alma mater is 'n besondere hoogtepunt, en sy bring nie net haar kennis van die vakgebied nie, maar ook 'n diep verbondenheid met die skool se waardes en kultuur.

Saam met haar, het ons ook vir Me Elmé Nieman verwelkom wat dieselfde departement versterk met haar vaardighede en passie vir onderrig. Haar betrokkenheid beloof om verdere groei en akademiese uitnemendheid in Besigheidstudies te bevorder.

Ons wens Me Kruger en Me Nieman alle sukses toe met hierdie nuwe hoofstuk by Hoërskool Ben Viljoen. Mag julle Ben Viljoen-ervaring die toon aangee vir 'n vervullende, suksesvolle en ewigduurende onderwysloopbaan.



MNR MNKOMO AANGESTEL AS CRAVENWEEK-SKEIDSREGTER



Ons is ongelooflik trots op mnr Excellent Mnkomo wat onlangs sy amptelike aanstelling van die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (SARU) ontvang het om as skeidsregter tydens vanjaar se o.18 Cravenweek op te tree.

Die Cravenweek, wat van 5 tot 11 Julie by die Grey High School in Gqeberha (Port Elizabeth) plaasvind, word beskou as een van die mees gesogte en prestigeryke o.18-rugbytoernooie in Suid-Afrika. Die toernooi bring jaarliks die land se beste jong rugbytalente bymekaar en dien as 'n belangrike platform vir spelers om hul vermoëns op nasionale vlak ten toon te stel.

Mnr Mnkomo se aanstelling is 'n besonderse eer en getuigenis van sy harde werk, toewyding en uitstekende standaard as rugbyskeidsregter. Om by 'n toernooi van hierdie kaliber betrokke te wees, vereis nie net uitgebreide ervaring nie, maar ook die vertroue van SARU om wedstryde op die hoogste skolevlak te hanteer.

Ons wens mnr Excellent Mnkomo alle sterkte toe vir dié week en vertrou dat hy hierdie geleentheid ten volle sal geniet.

ONS GROET ME JAYDINE CAIRNCROSS

Ons neem met waardering en 'n tikkie hartseer, afskeid van 'n besonderse kollega, Me Jaydine Cairncross.

Me Cairncross het in Januarie 2025 by die Hoërskool Ben Viljoen-familie aangesluit en vinnig haar plek volgestaan as 'n gewaardeerde lid van die Besigheidstudiesdepartement. Met haar toewyding, professionaliteit en opregte omgee vir elke leerder het sy 'n blywende indruk in die klas gemaak. Sy was nie net 'n onderwyser nie, maar 'n mentor en inspirasie vir baie.

Ook op die personeelkorps het sy haarself onderskei as 'n ware spanlid – iemand op wie daar staatgemaak kon word, en wie se positiewe gesindheid en werksetiek 'n verskil gemaak het in die daaglikse lewe van die skool.

“Die waarde van 'n onderwyser lê nie net in die kennis wat oorgedra word nie, maar in die lewens wat aangeraak en die toekoms wat gevorm word.”

Ons groet haar met trots, maar ook met dankbaarheid vir die rol wat sy by Hoërskool Ben Viljoen gespeel het. Sy het reeds 'n nuwe hoofstuk in haar onderwysloopbaan in Standerton begin, en ons is vol vertroue dat sy daar net so 'n groot impak sal maak.

Me Cairncross, baie dankie vir jou harde werk, jou toewyding en die spore wat jy hier gelaat het. Mag die pad vorentoe vir jou gevul wees met nuwe geleenthede, groei en sukses.

Voorspoed met jou nuwe avontuur – jy sal altyd deel bly van die Ben Viljoen-familie.



ONS GROET ME MARISKA JOUBERT

“'n Onderwyser saai saad wat niemand anders kan sien nie – totdat dit eendag in 'n kind se lewe begin blom.”

Met hierdie treffende woorde kan 'n mens die bydrae van Me Mariska Joubert die beste beskryf. Sedert sy in Januarie 2022 soos 'n vars bries by Hoërskool Ben Viljoen se hekke ingewaai het, het sy nie net kennis oorgedra nie, maar ook harte geraak en drome aangevuur.

As lid van die Engelse Departement het Me Joubert haar passie vir taal met oorgawe gedeel en leerders geïnspireer om hulself met selfvertroue uit te druk. Haar klaskamer was 'n ruimte waar groei, kreatiwiteit en ontdekking hand aan hand gestap het. Tog het haar invloed veel verder as die akademie gestrek.

In die Dramadepartement het sy 'n buitengewone rol gespeel en haar stempel afgedruk deur haar betrokkenheid by toneel, revue en die sangspan. Haar liefde vir die kunste was aansteeklik en het menigte leerders aangemoedig om hul plek op die verhoog met trots in te neem.

Me Joubert se teenwoordigheid op die personeelkorps was ewe merkbaar – altyd bereid om in te spring, te ondersteun en met 'n positiewe gesindheid 'n verskil te maak. Haar entoesiasme en omgee-hart het haar 'n kosbare kollega en mentor gemaak.

Al moes ons afskeidneem, bly die saad wat sy gesaai het, voortleef in elke leerder wat sy aangeraak het. Haar nalatenskap sal nog lank sigbaar wees in die selfvertroue, kreatiwiteit en passie van dié wat die voorreg gehad het om deur haar beïnvloed te word.

Hoërskool Ben Viljoen groet Me Mariska Joubert met opregte dankbaarheid en beste wense vir die pad vorentoe. Mag die spore wat u hier gelaat het, u altyd herinner aan die verskil wat u gemaak het.



ONS GROET ME ELSA MALAN

“Elke einde is die begin van iets nuut; elke afskeid dra die belofte van nuwe geleenthede.”

Met dankbaarheid en waardering neem ons op 26 Junie 2026 afskeid van Me Elsa Malan, wat die afgelope ses jaar 'n waardevolle lid van ons personeelspan was.

Me Malan het haar reis by Hoërskool Ben Viljoen in die UDUXO-klasse begin, waar haar liefde vir onderwys en haar passie vir die ontwikkeling van jongmense vinnig duidelik geword het. Haar toewyding en harde werk het daartoe gelei dat sy gedurende 2023 en 2024 ook in die hoofstroomklasse onderrig aangebied het.

As onderwyser van Natuurwetenskap, Wiskunde en Verbruikerstudies het sy met kundigheid, geduld en entoesiasme haar kennis met leerders gedeel. Haar vermoë om leerders te motiveer en haar bereidwilligheid om altyd 'n helpende hand uit te steek, het haar 'n gewaardeerde kollega en mentor gemaak.

Me Malan se strewe na uitnemendheid het nie net in die klaskamer geblyk nie. In 2024 het sy haar NGOS (Nagraadse Onderwysertifikaat vir Senior Fase en Verdere Onderwys en Opleiding) aan die AP-Akademie voltooi. Sy het hierdie kwalifikasie cum laude verwerf en is boonop bekroon met die rektorstoekening as die beste NGOS-student vir 2023 – 'n uitsonderlike prestasie waarop sy met reg trots kan wees.

Hoewel ons haar gaan mis, is ons opgewonde oor die nuwe hoofstuk wat op haar wag. Me Malan vertrek na Jeddah, Saoedi-Arabië, waar sy by Jeddah Knowledge International School sal aansluit. Ons is oortuig daarvan dat sy ook daar 'n betekenisvolle bydrae sal lewer en die lewens van baie jongmense positief sal beïnvloed.

Ons wens u alle voorspoed, sukses en seën toe met hierdie nuwe avontuur. Mag jy met dieselfde passie en uitnemendheid waarmee jy hier gewerk het, ook internasionaal jou merk maak.



Alumni



KLAS VAN 2016

HOU 10-JAAR REÛNIE



Die klas van 2016 het op Saterdag, 30 Mei 2026, teruggekeer na hul alma mater om hul 10-jaar-reünie te vier. Dit was 'n spesiale geleentheid waar dié alumni weer kon saamkuier, herinneringe kon deel en die spesiale band wat hulle as skoolmaats gevorm het, kon herleef.

Die vieringe het afgeskop by Hoërskool Ben Viljoen se rugbywedstryd teen Hoërskool Ellisras, waar die alumni die geleentheid gehad het om weer die opwindende van Daller-sport te beleef en hulle ondersteuning aan die huidige spelers te toon. Die wedstryd het die perfekte geleentheid gebied om ou vriende te ontmoet en stories uit hul skooldae te herleef.



Na afloop van die rugby het die groep hulle reünie voortgesit by die Groblersdal Golfklub, waar hulle in 'n gesellige atmosfeer verder saam gekuier het. Die aand was gevul met lag, herinneringe en die viering van die lewenspaai wat elkeen sedert matriek gevolg het.

Dit is altyd besonders om ons alumni terug te verwelkom by Hoërskool Ben Viljoen. Julle bly vir altyd deel van die Dallerfamilie, en ons waardeer die trots en verbondenheid waarmee julle steeds die skool ondersteun.

Baie geluk aan die Klas van 2016 met hierdie mylpaal. Mag die herinneringe wat tydens die reünie geskep is, nog lank gekoester word, en mag die Dallergees julle altyd verbind.



LE ROUX BOTES

DEEL VAN DIE KLAS VAN 2001



Ons spog met een van ons uitstaande alumni-lede, mnr. Le Roux Botes, wat deel was van die matriekklas van 2001.

Le Roux se betrokkenheid by die skool was reeds in sy skooldae merkwaardig. As hoofseun van Boomhuis Seunskoshuis het hy sterk leierskapsvaardighede getoon, terwyl hy terselfdertyd ook op die Leerlingraad gedien het. Op die sportveld het hy homself verder onderskei deur vir beide die eerste krieketspan en eerste rugbyspan uit te draf - 'n bewys van sy veelsydigheid en toewyding.

Sy naam mag dalk bekend klink - en met goeie rede. Le Roux het sy passie vir krieket verder uitgebou en beklee sedert 2023 die pos as Direkteur van Krieket by Hoërskool Eldoraïne in Centurion. In hierdie rol speel hy 'n sleutelrol in die ontwikkeling van jong krieketspelers en die bevordering van dié sport op hoërskoolvlak.

Le Roux se pad van skoolleier en sportman tot gerespekteerde sportadministrateur is 'n inspirasie vir ons huidige leerders. Hy is 'n ware voorbeeld van hoe deursettingsvermoë, passie en toewyding tot sukses kan lei.

Ons is ongelooflik trots om hom as deel van ons skool se nalatenskap te kan noem en wens hom alle voorspoed toe met sy voortgesette bydrae tot skolesport.

KAI GERBER

MAAK OPSLAE IN DIE KREATIEWE BEDRYF

Kai Gerber, wat deel was van die klas van 2024, maak groot opslae in die kreatiewe bedryf.

Kai studeer Bewegingsontwerp (Motion Design) by die Cape Town Creative Academy en was deel van 'n indrukwekkende 3D-projeksiekuns (Video Mapping) projek wat by die Iziko Museum in die historiese Kompanjietuin in Kaapstad vertoon is.

Hierdie unieke uitstalling het deelgevorm van die gewilde LUMENOCITY Ligfees, waar plaaslike kunstenaars die geleentheid gekry het om hul kreatiewe talente op 'n unieke wyse ten toon te stel. Kai se werk word saam met dié van ander tweede- en derdejaar Bewegingsontwerpstudente van die Cape Town Creative Academy vertoon, wat die fees 'n dinamiese en inspirerende ervaring maak.

Hierdie uitstalling het die ikoniese Iziko-museum tot lewe gebring deur middel van 'n meeslepende geanimeerde projeksie. Hierdie visuele skouspel was gebou as 'n "visuele gesprek", waarin abstrakte beelde gebruik is om individuele ervarings te verweef tot 'n gedeelde, geanimeerde tapisserie. Die projek het nie net tegniese vaardighede gedemonstreer nie, maar ook diep kreatiewe denke en samewerking.

Die LUMENOCITY Ligfees het vanaf 9 tot 12 April 2026 plaasgevind en was elke aand vanaf 17:00 tot 23:30 oop vir besoekers. Hierdie viering van lig en kuns het 'n unieke platform gebied vir jong kunstenaars soos Kai om hul stemme te laat hoor en hul talente aan 'n breër gehoor bekend te stel.

Hoërskool Ben Viljoen is besonder trots op sy prestasies en wens hom alle sterkte toe met sy verdere studies en kreatiewe loopbaan.



HELLEN MMILE

DEEL VAN DIE KLAS VAN 2017



Ons is ongelooflik trots om die merkwaardige prestasie van een van ons alumni, Hellen Mmille, wat deel was van die klas van 2017, en ons steeds trots maak deur haar akademiese sukses, te deel.

Hellen het onlangs haar Meestersgraad in Maatskaplike Werk (Cum Laude) aan die Universiteit van Stellenbosch tydens die Maart-gradeplegtigheid, verwerf. Hierdie uitstaande prestasie is 'n bewys van haar toewyding, deursettingsvermoë en passie om 'n verskil in die lewens van ander te maak.

Wat Hellen se prestasie nog meer inspirerend maak, is dat sy 'n eerstegenerasie-gegradueerde is. Die bereiking van hierdie mylpaal weerspieël nie net haar persoonlike toewyding aan uitnemendheid nie, maar dien ook as 'n baken van hoop en motivering vir ander wat daarna streef om uitdagings te oorkom en hoër onderwys na te streef.

Haar reis is een van veerkragtigheid en vasberadenheid, en haar sukses beklemtoon die krag van harde werk en ambisie. As haar alma mater vier ons nie net haar akademiese prestasie nie, maar ook die voorbeeld wat sy vir huidige leerders stel - om groot te droom en na uitnemendheid te streef.

Ons wens Hellen hartlik geluk en wens haar voortgesette sukses toe in haar loopbaan en toekomstige doelwitte. Mag jy voortgaan om gemeenskappe op te hef en te inspireer deur jou werk in maatskaplike dienste.

MERIZE BEUKES


KLAS VAN 2021

Baie geluk aan Merize Beukes, wat deel was van die klas van 2021, met haar uitstaande akademiese prestasie! Merize het onlangs haar Baccalaureus in -Gesondheidswetenskappe Honneursgraad in Sielkunde aan die Universiteit van Noordwes (NWU-Pukke) verwerf – 'n merkwaardige mylpaal wat getuig van harde werk, toewyding en deursettingsvermoë.

Haar prestasies stop egter nie daar nie. Merize is ook een van slegs vier studente wat gekeur is om voort te gaan met haar meestersgraad in Gesondheidswetenskap in Voorligtingsielkunde - 'n uitsonderlike eer en bewys van haar akademiese uitnemendheid en potensiaal binne die veld van sielkunde.

Ons is ongelooflik trots op Merize en haar prestasies. Sy dien as 'n inspirasie vir huidige en toekomstige Dallers om altyd na uitnemendheid te streef.

Ons wens haar alle sukses toe met haar verdere studies en sien uit om die groot hoogtes wat sy gaan bereik, saam met haar te vier.



CHANEL LINDEQUE

DEEL VAN DIE KLAS VAN 2021



Baie geluk aan Chanel Lindeque, wat deel was van die klas van 2021, met haar uitstekende akademiese prestasie!

Chanel het op 14 April 2026 haar B.Ed Intermediêre Fase-graad in Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie aan die Universiteit van Noordwes (NWU-Pukke), met onderskeiding, verwerf.

Hierdie prestasie is nie net 'n bewys van Chanel se akademiese vermoëns nie, maar ook van haar passie vir onderwys en haar strewe na uitnemendheid. Om 'n graad met onderskeiding te behaal, vereis volgehoue dissipline en 'n diep verbintenis tot leer.

Ons is ongelooflik trots op haar prestasie en sien uit na die positiewe bydrae wat sy in die onderwyswêreld gaan maak. Mag hierdie mylpaal slegs die begin wees van 'n blink en suksesvolle loopbaan.

GABRIELLA SERRANO

KLAS VAN 2022

“Ontwerp is nie net wat ons sien nie – dit is wat ons voel wanneer ons ’n ruimte betree.” Hierdie woorde beskryf die inspirerende reis van een van ons alumni-lede, Gabriella Serrano, wat deel was van die matriekklas van 2022 en onlangs haar Baccalaureusgraad in Binnenshuise Ontwerp aan die Inscape Education Group se Stellenbosch-kampus voltooi het.

Gabriella beskryf haar studente jare as uitdagend, maar ongelooflik vervullend. Gedurende hierdie tyd het sy nie net kreatief gegroei nie, maar ook geleer hoe om ontwerpruimtes te vorm wat emosie en betekenis dra.

Tydens haar studies het sy aan verskeie projekte gewerk, maar dit was haar finale projek wat uitgestaan het. Hierdie projek het gefokus op die ontwerp van ’n onkologiesentrum – ’n ruimte waar genesing, herinnering en menslike verbintenis sentraal staan. Vir Gabriella was hierdie projek veel meer as net ’n akademiese taak; dit was ’n persoonlike reis. Sy vertel dat die konsep deur haar pa geïnspireer is en dat dit vir haar ’n manier geword het om haar emosies en persoonlike storie deur ontwerp uit te beeld.

In ’n onderhoud met haar het Gabriella haar opregte dankbaarheid uitgespreek vir die grondslag wat by Hoërskool Ben Viljoen gelê is. Die ondersteuning, aanmoediging en waardes wat sy hier ontvang het, het haar die selfvertroue gegee om haar passie met oorgawe na te jaag en haar plek in die kreatiewe wêreld voluit in te neem.

Ons is ongelooflik trots op Gabriella se prestasie. Sy is ’n ware voorbeeld van hoe passie, deursettingsvermoë en ’n droom wat met hart aangepak word, tot iets besonder kan ontwikkel. Ons wens haar alle voorspoed toe vir die opwindende pad wat voortlê en sien uit daarna om haar toekomstige suksesverhale te volg.



LEANÉ DE WET

DEEL VAN DIE KLAS VAN 2022



Baie geluk aan Leané de Wet, deel van die klas van 2022, wat onlangs haar diploma in Somatologie aan die Potchefstroom Akademie suksesvol voltooi het.

Somatologie is 'n veeleisende studierigting wat fokus op gesig- en liggaamsbehandelings, velversorging, welstand en terapeutiese tegnieke. Dit vereis nie net tegniese vaardighede nie, maar ook dissipline, empatie en 'n sterk werksetiek. Leané het deur haar studies bewys dat sy oor al hierdie eienskappe beskik en dat sy bereid is om voortdurend te groei en haarself te ontwikkel.

Benewens haar diploma het sy ook haar internasionale skoonheidsterapie diploma verwerf deur die CIDESCO se Internasionale Skoonheidsterapie-eksamen suksesvol af te lê. CIDESCO word wêreldwyd erken as een van die mees gesogte en gerespekteerde kwalifikasies binne die skoonheids- en welstandsbedryf.

Hierdie prestasie plaas Leané onder professionele terapeute wat aan internasionale standaarde voldoen en skep vir haar geleenthede om haar loopbaan plaaslik én internasionaal verder uit te bou.

Mag hierdie prestasies slegs die begin wees van 'n suksesvolle en vervullende loopbaan. Ons wens jou alle voorspoed, geluk en seën toe vir die pad vorentoe.

DERDE PLEK VIR JUAN TYDENS BUSHVELD CLASSIC



Die jaarlikse Bushveld Classic Gholfdag het vanaf 1 tot 2 Mei 2026 by die pragtige Marble Hall Gholflandgoed plaasgevind en het gholfspelers van regoor die streek bymekaar gebring vir 'n naweek van mededinging en sportmangees.

Ons is trots om die prestasie van Juan van den Heever, wat deel was van die klas van 2025, te vier. Juan het uitstekend gevaar en 'n welverdiende derde plek behaal met 'n netto telling van 149.

Hierdie prestasie getuig van Juan se deursettingsvermoë, vaardigheid en liefde vir die spel. Dit is altyd bemoedigend om te sien hoe ons oud-leerders steeds op sportgebied uitblink.

IVOR GOUWS

KLAS VAN 1996

**Vir Ivor Gouws, een van ons alumni-
lede en deel van die klas van 1996,
is die inskrywing vir Mnr Suid-Afrika
2026 veel meer as net 'n kompetisie
- dit is 'n geleentheid om 'n
positiewe verskil in ander se lewens
te maak.**

Mnr Suid-Afrika is 'n inklusiewe platform wat
mans van alle agtergronde, beroepe en
lewenspaaie verwelkom. Die organisasie fokus
daarop om deelnemers toe te rus om
positiewe manlike rolmodelle in die
samelewing te wees en om sosiale
verandering te inspireer. Deelnemers ontvang
mentorskap, afrigting en waardevolle
netwerkgeleenthede wat hulle help om hul
loopbane en persoonlike doelwitte verder uit
te bou.

Die kompetisie moedig mans aan om 'n verskil
in hul gemeenskappe te maak en jonger
geslagte positief te beïnvloed. Deur hierdie
platform kry finaliste die geleentheid om hul
stem te gebruik vir sake wat vir hulle belangrik
is en om as ambassadeurs van hoop, respek
en leierskap op te tree.

Ons wens Ivor alle voorspoed en sterkte toe
met hierdie uitdaging. Ons is trots daarop om
te sien hoe oud-Dallers steeds hulle merk
maak en ligdraers in hul gemeenskappe bly.



REICHEL DIPPENAAAR

DEEL VAN DIE KLAS VAN 2021



Baie geluk aan Reichel Dippenaar, deel van die klas van 2021, wat onlangs haar Baccalaureusgraad in Maatskaplike Werk *cum laude* aan die South African College of Applied Psychology voltooi het.

Reichel se akademiese uitnemendheid is verder bekroon toe sy die Dekaan se Merietetoekenning ontvang het vir die hoogste akademiese prestasie in haar graadprogram. Hierdie besondere eer getuig van haar harde werk, deursettingsvermoë en passie vir haar studies.

As verdere bewys van haar leierskap en invloed is Reichel ook gekies as die studentespreker tydens die gradeplegtigheid – 'n uitsonderlike voorreg wat slegs aan uitstaande studente toegeken word. Haar vermoë om nie net akademies uit te blink nie, maar ook ander te inspireer, maak hierdie prestasie nóg meer betekenisvol.

Reichel woon tans in Krugersdorp en sien daarna uit om haar toekoms en loopbaan daar verder uit te bou. Ons glo dat haar passie vir mense en haar toewyding tot dienslewering 'n groot verskil in baie mense se lewens sal maak.

Mag hierdie prestasies slegs die begin wees van 'n suksesvolle en vervullende loopbaan. Ons wens jou alle voorspoed, geluk en seën toe vir die pad vorentoe.

ANVERNIO ADONIS

KLAS VAN 2024

Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat Anvernio Adonis, wat deel was van die matriekklas van 2024, onlangs in die Boland o.21-rugbyspan ingesluit is.

Anvernio, wat tans rugby vir die St Helenabaai-rugbyklub speel, het reeds bewys dat hy oor die talent en karakter beskik om op hoër vlakke mee te ding. Sy insluiting in die Boland o.21-groep is 'n welverdiende beloning vir die ure se opoffering en toewyding wat hy in sy rugbyloopbaan belê het.

Sy prestasie dien as inspirasie vir elke jong rugbyspeler wat tans die Ben Viljoen-kleure dra. Dit bewys dat harde werk, dissipline en geloof in jou vermoëns deure kan oopmaak na nuwe geleenthede.

Die hele Ben Viljoen-familie wens Anvernio alle sterkte toe vir die seisoen wat voorlê. Ons sien uit daarna om sy rugbyreis met trots te volg en glo dat hierdie slegs die begin van nog groter hoogtes is.



JUANCA OOSTHUIZEN

DEEL VAN DIE KLAS VAN 2016



Ons is ongelooflik trots op een van ons alumni, Juanca Oosthuizen, wat deel was van die klas van 2016 en onlangs haar Meestersgraad (MPhil) in Toerismebestuur aan die Universiteit van Pretoria verwerf het.

Juanca se akademiese reis getuig van deurstellingsvermoë, toewyding en 'n passie vir die toerisme- en bemarkingsbedryf. Sy beskik oor 'n indrukwekkende akademiese agtergrond met 'n BA-graad in Sielkunde en Engels, 'n BCom-graad in Bemarkingsbestuur, 'n BCom-Honneursgraad in Toerismebestuur asook nagraadse opleiding in verbruikersgedrag en die reisgewoontes van die digitale generasie.

Vir haar meestersnavorsing het Juanca ondersoek ingestel na hoe digitale reisigers se vakansietoewyding en hul identifikasie met bestemmings hul gedrag op sosiale media beïnvloed. Die studie het gefokus op hoe reisigers hul ervarings aanlyn deel en watter faktore toerisme- en bemarkingsondernemings kan help om hierdie groeiende marksegment beter te verstaan, te betrek en te bedien in 'n toenemend digitale wêreld. Tydens haar studies het Juanca 'n belangstelling ontwikkel in bestemmingsbemarking en verantwoordelike toerisme, met spesifieke fokus op hoe bestemmings volhoubaarheid, verbruikersidentiteit en egte storievertelling suksesvol kan balanseer.

Haar akademiese uitnemendheid is met verskeie prestasies bekroon. Sy is aangewys as die Beste BCom Honneurs Toerismebestuur-student gedurende 2024 en het later die derde plek vir Beste Navorsingsplakkaat tydens die EMS Nagraadse Dag in 2025 ontvang.

Juanca se prestasies strek egter verder as akademie. Sy was deel van die wenspan wat Suid-Afrika by die internasionale Future Leaders Challenge verteenwoordig het. Daarna is sy tydens die eindronde in Dubai as een van die Top Drie Toekomstige Leiers in die Midde-Ooste en Afrika-streek (MEA) aangewys, waar sy saam met deelnemers uit 23 lande gewerk het aan innoverende oplossings vir uitdagings binne die toerisme- en gasvryheidsbedryf.

Baie geluk, Juanca! Die Ben Viljoen-familie is ongelooflik trots op jou prestasies en wens jou alle sukses toe.

CARLA POHL

KLAS VAN 2018

Ons is ongelooflik trots op een van ons alumni, Carla Pohl, wat deel was van die klas van 2018 en onlangs haar BA Honneursgraad in Frans met onderskeiding aan die Universiteit van Pretoria verwerf het.

Haar akademiese reis het haar nie net plaaslik laat uitblink nie, maar ook internasionale geleenthede gebied. Vanaf September 2024 tot Mei 2025 was Carla deel van die FEI Regeringsprogram, 'n inisiatief wat deelnemers van regoor die wêreld die geleentheid bied om as Engelse assistente by skole in Frankryk diens te doen. Hierdie ervaring het haar blootgestel aan verskillende kulture, waardevolle onderrigervaring gebied en haar passie vir taalonderrig verder versterk.

Na haar terugkeer na Suid-Afrika in Junie 2025, het Carla haar studies en akademiese loopbaan aan die Universiteit van Pretoria voortgesit. Sy is tans werksaam as assistent-dosent in die Franse Departement, waar sy haar kennis en entoesiasme vir die Franse taal met studente deel.

Carla se prestasies getuig van die waarde van harde werk, akademiese uitnemendheid en die moed om internasionale geleenthede aan te gryp.

Baie geluk, Carla! Die Ben Viljoen-familie is ongelooflik trots op jou prestasies en wens jou alle voorspoed toe vir die opwindende pad wat voorlê. Jou sukses is 'n bewys dat Dallers inderdaad hul merk in die wêreld maak.



MILTON STYLIANOU

DEEL VAN DIE KLAS VAN 2022



Baie geluk aan Milton Stylianou, wat deel was van die klas van 2022, en onlangs sy Baccalaureus in Handel (Bachelor of Commerce) met spesialisering in Besigheidsbestuur suksesvol voltooi het.

Milton het sy studies aan die Universiteit van Pretoria voltooi en bou tans voort op sy akademiese sukses deur sy Honneursgraad in BCom te volg, met spesialisering in Statistiek and Data Wetenskap.

Sy toewyding, harde werk en akademiese deursettingsvermoë is 'n inspirasie vir huidige leerders, en ons is ongelooflik trots op sy prestasies. Milton se pad wys duidelik dat fokus en vasberadenheid groot deure oopmaak vir 'n belowende toekoms.

Baie geluk, Milton – ons sien uit na alles wat jy nog gaan bereik!

BEYLINDA BRONKHORST

KLAS VAN 2018

Beylinda Bronkhorst, wat deel was van die klas van 2018, het onlangs haar Baccalaureusgraad in Besigheidsadministrasie - Logistiek en Voorsieningskettingbestuur met onderskeiding voltooi aan die IIE Rosebank College.

Wat hierdie prestasie nog meer indrukwekkend maak, is dat Beylinda haar graad voltooi het terwyl sy voltyds werksaam is by Paycorp Group in Sandton. Sy is reeds die afgelope vier jaar werksaam as Verkrygingsbeampte (Procurement Officer) vir ATM Solutions.

ATM Solutions, 'n afdeling van Paycorp Group, is een van Suid-Afrika se grootste onafhanklike verskaffers van OTM-dienste en bestuur die bekende Cash Express OTM-netwerk landswyd. Paycorp Group is 'n toonaangewende finansiële tegnologiese maatskappy (FinTech) wat fokus op betalings-, kontant- en digitale finansiële oplossings, insluitend innoverende produkte soos CryptoExpress en ander moderne digitale betaaltegnologieë.

In haar huidige rol is Beylinda verantwoordelik vir die bestuur van verskafferverhoudings, kontrakonderhandelinge en die koördinering van plaaslike en internasionale voorsieningsprosesse. Sy is betrokke by die volledige voorsieningsiklus, wat invoere, uitvoere, logistieke koördinering en ondersteuning van operasionele en tegniese projekte plaaslik sowel as internasionaal insluit.

Die geleentheid om terselfdertyd te studeer en 'n professionele loopbaan te volg het haar in staat gestel om die teorie van logistieke- en voorsieningskettingbestuur daaglik in die praktyk toe te pas. Die sterk verband tussen haar studies en haar werksomgewing het haar passie vir haar werk verder verdiep.

"Om 'n graad te voltooi terwyl ek voltyds werk, was nie altyd maklik nie, maar elke uitdaging was die moeite werd. Ek is trots op hoe ver ek gekom het en sien uit na die volgende hoofstuk van my loopbaan," het Beylinda gesê.

Ons is trots op Beylinda se prestasies en wens haar alle voorspoed toe met haar verdere professionele ontwikkeling.



THOMAS MALOPE

KLAS VAN 2022



Thomas Malope, wat deel was van die klas van 2022, het onlangs 'n beurs ontvang om aan die Universiteit van New Mexico in die VSA te studeer, terwyl hy terselfdertyd sy atletiektalent op internasionale vlak gaan uitleef.

Hierdie geleentheid is die resultaat van jare se harde werk, deursettingsvermoë en toewyding aan atletiek. Thomas het hom deur sy skoolloopbaan onderskei as 'n talentvolle en gedissiplineerde atleet wat nooit teruggestaan het vir uitdagings nie. Sy passie vir hardloop en sy vasberadenheid om sy doelwitte te bereik, het uiteindelik gelei tot hierdie lewensveranderende geleentheid.

Die beurs bied aan Thomas die kans om nie net akademies verder te ontwikkel nie, maar ook om sy atletiekloopbaan uit te bou terwyl hy Suid-Afrika en sy alma mater in die buiteland verteenwoordig. Om in Amerika te studeer en aan atletiek deel te neem, sal nuwe deure vir hom oopmaak en waardevolle ervaring bied wat hom vir die toekoms sal toerus.

Hoewel die beurs 'n groot deel van sy studies dek, benodig Thomas steeds finansiële ondersteuning om kostes soos sy visumaansoek, reisuittgawes en ander noodsaaklike uitgawes te dek voordat hy sy reis na Amerika kan aanpak.

Ons wens Thomas alle voorspoed toe met hierdie opwindende nuwe hoofstuk in sy lewe. Sy prestasie dien as inspirasie vir huidige en toekomstige Dallers om groot te droom, hard te werk en elke geleentheid met albei hande aan te gryp.

RUHAN VENTER

KLAS VAN 2023


Ruhan Venter, wat deel was van die klas van 2023, het sy Diploma in Plant Produksie suksesvol voltooi aan die Peritum Agri Institute in Bloemfontein. Hierdie kwalifikasie getuig van sy toewyding, deursettingsvermoë en passie vir die landbousektor.

Ruhan het egter reeds sy plek in die bedryf gevind en is tans werksaam by Impala Citrus.

Deur sy kennis en vaardighede in die praktyk toe te pas, dra hy by tot die groei en ontwikkeling van een van die streek se belangrikste landboubedrywe.

Sy sukses bewys dat harde werk, toewyding en 'n bereidwilligheid om voortdurend te leer, die weg baan na nuwe geleenthede.

Ons wens Ruhan alle voorspoed toe met sy loopbaan en vertrou dat hy nog groot hoogtes in die landbousektor sal bereik.



Borge





HOËRSKOOL BEN VILJOEN

Borge



Ons o.15 dogtershokkiespan bedank graag Viking vir die borg van hulle pragtige hokkiesakke en waterbottels vir die 2026-seisoen.



Ons Tweede Netbalspan bedank graag Piet Engelbrecht Trust / Piet Citrus vir die borg van hulle waterbottels vir die 2026-seisoen.



Ons o.14A Rugbyspan bedank graag Viking (Mnr Nico Botes) en JFK Botha Boerdery (Mnr LM Botha) vir die borg van hulle sakke en wedstrydbroeke vir die 2026-seisoen.





HOËRSKOOL BEN VILJOEN

Borge



Ons Eerste Netbalspan bedank graag Qembu vir die borg van hulle wedstryddrag vir die 2026-seisoen.



Ons o.15 dogtershokkiespan bedank graag Pioneer Saad Suid-Afrika (Mnr Cornel Smit) vir die borg van hulle baadjies en hoedjies vir die 2026-seisoen.



Ons Eerste Rugbyspan bedank graag Herotel vir die borg van hulle wedstrydtrui- en broeke vir die 2026-seisoen.





HOËRSKOOL BEN VILJOEN

Borge



Ons Eerste Rugbyspan bedank graag Groblersdal Motor & Diesel Engineering vir die borg van hulle chino-broeke wat hulle saam met hulle formele drag gedurende die 2026-seisoen dra.



Ons Eerste Rugbyspan bedank graag Oasis Groblersdal vir die borg van hulle gholphemde vir die 2026-seisoen.



Ons Eerste Rugbyspan bedank graag Impala Citrus vir die borg van hulle kappiebaadjies (hoodies), sakke en pette vir die 2026-seisoen.





HOËRSKOOL BEN VILJOEN

Borge



Ons Eerste Rugbyspan bedank graag Laeveld Agrochem vir die borg van hulle wedstrydkouse vir die 2026-seisoen.



Ons Eerste Rugbyspan bedank graag Build It Groblersdal vir die borg van hulle opwarmingshemde vir die 2026-seisoen.



Ons netbalspanne bedank graag Agrimark vir die borg van die pragtige paalbeskermers.



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN



HOËRSKOOL BEN VILJOEN

Borge

Ons o.15A Netbalspan bedank graag CTECG vir die borg van hulle sweetpakke wat hulle tydens die Mpumalanga Kampioenskappe gedra het, asook Extreme Print vir die borduurwerk.

Ons o.14B Rugbyspan bedank graag HFS Logistics en Supreme Autobody vir die onderskeidelike borgskap van hulle sakke en wedstrydbroeke gedurende die 2026-seisoen dra.

Ons bedank graag Extreme Print vir die borgskap van ons terrein- en koshuispersoneel se Ben Viljoen-hemde.



IN LIEFDEVOLLE HERINNERING

Ons wil graag hulde bring aan oudleerders, betrokke ouers en rolspelers wat gedurende 2026 hul aardse reis voltooi het. Al hierdie persone was op een of ander wyse verbind aan Hoërskool Ben Viljoen.

Mag die kosbare herinneringe julle vertroos in hierdie moeilike tyd, en mag ons Hemelse Vader al hul geliefdes en vriende aanraak met Sy liefdevolle krag en teenwoordigheid.

- Christiaan du Plooy - klas van 1996
- Alida Badenhorst
- Ina Brits - klas van 1975
- Jean Engelbrecht - klas van 1990
- Welma Hoffman
- Dr Jan Harmse - oud-onderwyser
- Theuns Petrus Jacobus Botha
- Ampie Kruger - klas van 1969



GROBLERSDAL

-25.33726668 • 29,42221431

4TH EVENT!

CARS • MOTORCYCLES • TRUCKS

UILMYL
27 JUNE 2026

SEE YOU AT THE UILMYL!



DRIVERS:

R250

+ 4 RACES • 2 GATE PASSES

Helmets and jacket

SPECTATORS:

ADULTS R100

HIGH SCHOOL KIDS R50

YOUNGER KIDS FREE

COOLERS WELCOME • THERE WILL BE FOOD STALLS


GATES OPEN 7:00 • RACES START 8:30



HOËRSKOOLO BEN VILJOEN

— bied aan —

SOSIALE NETBAL



WEDSTRYDDATUMS:

1, 8 EN 15 SEPTEMBER 2026

FINAAL OP 21 SEPTEMBER 2026

R10000
PER SPAN

**MET GROOT
PRYSE**
OP DIE SPEL!



B
E
N
V
I
L
J
O
E
N

SPANNE BESTAAN UIT



10 SPELERS

GEMENGDE SPANNE
MET MANS EN
VROUENS

INSKRYWINGS OPEN
OP



**21 JULIE
2026**

INSKRYWINGS SLUIT
OP



**24
AUGUSTUS
2026**



WWW.BENVILJOEN.CO.ZA



013 262 2061



BVADMIN@BENVILJOEN.CO.ZA



@HS_BENVILJOEN

